# DIE GEVOLGE VAN DIE KONSEP *HUWELIKSWYSIGINGSWET*, 2006 VIR SAAMWOONVERHOUDINGS TUSSEN PERSONE VAN DIESELFDE GESLAG IN SUID-AFRIKA

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes van die graad Magister Legum in Boedelbeplanning aan die Noordwes Universiteit – Potchefstroom Kampus




deur

Maria Magdalena Petronella de Wet

20174829

Studieleier: Debra Horsten


2007

## 1 Inleiding

Die gemeenregtelike definisie van die huwelik het nog altyd vereis dat die huwelik 'n verbintenis tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag moet wees.[1] Tradisioneel was huwelike gesien as 'n vrywillige verbintenis tussen 'n man en 'n vrou[2] met die uitsluiting van alle ander persone.[3] Nêrens in ons wetgewing word die term "huwelik" omskryf nie.

Die tradisionele begrip (en die familiereg in sy geheel) het egter onlangs 'n metamorfose ondergaan toe die Hoogste Hof van Appèl[4] ten gunste van twee meerderjarige vroue bevind het dat die gemeenregtelike definisie ten opsigte van die huwelike onkonstitusioneel is, welke beslissing deur die Konstitusionele Hof op 1 Desember 2005 bekragtig is.[5] Vir die eerste keer is die tradisionele definisie van 'n huwelik ongrondwetlik bevind omdat dit nie huwelike tussen persone van dieselfde geslag insluit nie. Die huweliksformulier in die *Huwelikswet*,[6] soos vervat in artikel 30(1)[7] van die wet is ongrondwetlik bevind omdat dit net verwys na 'n "man" wat 'n "vrou" as huweliksmaat vat.

Die regters het beveel dat na die woorde "man" en "vrou" daar ook die

---

1 *W v W* 1976 2 SA 308 (W) 310D-E.

2 *Seedats Executors v The Master (Natal)* 1917 AD 302 op 309 en soos omskryf deur Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 153 "... die regtens erkende lewenslange vrywillige verbintenis tussen een man en vrou tot uitsluiting van alle ander persone".

3 *Ismail v Ismail* 1993 1 SA 1006 (A) 109.

4 *Fourie v Minister of Home Affairs and Another* 2005 3 SA 429 (SCA) (hierna verwys as die *Fourie*-saak).

5 *Minister of Home Affairs and Another v Fourie and Another* (Doctors for Life International and Others, (*amici curiae*) *Lesbian and Gay Equality Project and Others v Minister of Home Affairs and Others* 2006 1 SA 524 (KH) (hierna verwys as die *Minister of Home Affairs*-saak).

6 *Huwelikswet* 25 van 1961 (hierna verwys as die *Huwelikswet*).

7 A 30(1) van die *Huwelikswet* 25 van 1961 bepaal dat: "By die voltrekking van 'n huwelik kan 'n huweliksbevestiger wat kragtens Artikel 3 genoem is, die huweliksformulier volg wat gewoonlik deur sy godsdienstige denominasie of organisasie nagekom word. Indien daardie huweliksformulier nie deur die Minister goedgekeur is nie, of in die geval van 'n ander huweliksbevestiger, moet die betrokke huweliksbevestiger aan elkeen van die partye die volgende vrae afsonderlik stel, waarop elkeen van hulle bevestigend moet antwoord: 'Verklaar jy, AB, dat sover jy weet daar regtens geen beletsel is teen jou voorgenome huwelik met CD hier teenwoordig, en dat jy almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat jy CD tot jou wettige vrou (of man) neem?', en daarop moet die partye mekaar die regterhand gee en die betrokke huweliksbevestiger moet die huwelik met die volgende woorde as voltrek verklaar: 'Ek verklaar dat AB en CD hier teenwoordig, regtens getroud is.' "

woord "gade" ingevoeg moet word om voorsiening vir saamwoonverhoudinge tussen persone van dieselfde geslag te maak, en dat die woord "gade" na twaalf maande as gebiedend en outomaties in die wet ingelees moet word, sonder verdere bemoeienis van óf die hof óf die parlement.[8][9] Die Grondwetlike Hof het in 'n mate die Parlement se bevoegdheid oorskry deur te bepaal dat indien die Parlement nie die huwelikswetgewing wysig of 'n alternatiewe wet in werking stel om die woord "gade" in te lees nie, sal die bevel van die Grondwet outomaties intree op 1 Desember 2006.

Die rede waarom persone van dieselfde geslag nie sonder meer in die huwelik kan tree nie, is omdat die regters, op een uitsondering na, beveel het dat albei die bevele vir twaalf maande opgeskort word en dat die Parlement binne daardie twaalf maande die wet moet herskryf om in te pas met die uitspraak wat huwelike tussen persone van dieselfde geslag erken.[10]

Die regters het verder onomwonde beveel dat indien daar nie 'n wysiging in die wet binne twaalf maande is nie, die wet "outomaties" gewysig sal word sonder verdere bemoeienis van òf die hof òf die Parlement.[11]

Na aanleiding van die *Fourie*-saak is die *Civil Union Act*[12] op 14 November 2006 bekragtig deur die Parlement, welke wetgewing in werking getree het op 30 November 2006. Hierdie wetgewing sal verreikende gevolge hê vir ons *Huwelikswet* en huweliksformulier.[13]

Die vraag is nou wat die gevolge en moontlike implikasies van bogemelde

8 *Minister of Home Affairs*-saak par 24 I.

9 *Minister of Home Affairs*-saak par 524 D.

10 *Minister of Home Affairs*-saak par 524 H.

11 De Bruin 3 Des 2005 *Rapport* 1; De Bruin 28 Feb 2006 *Rapport* 17.

12 17 van 2006. In hierdie skripsie word daar na die *Civil Union Act* 17 van 2006 in Engels verwys, aangesien die Wet nog nie vertaal is na Afrikaans nie. 'n Samevatting van die *Civil Union Act* was gepubliseer, sien GN 1275 GG 29169 van 31 Augustus 2006, wat as volg gelees het: "The Minister of Home Affairs attends introducing the *Civil Union Act*, 2006 in the National Assembly during September 2006. An explanatory summary of the Bill is hereby publishec in accordance with Rule 241(1)(e) of the Rules of the National Assembly. The Bill provides for – (a) a civil partnership/marriage between adult persons of the same sex, solemnized before the State, with all the legal consequences of a marriage being made applicable thereto; and (b) a domestic partnership between adults persons who have not concluded a marriage or civil partnership/marriage, of the same or opposite sex which specific legal concequences being made applicable to as provided for in the Act."

13 Kennedy 15 Nov 2006 *Citizen* 1.

uitsprake en wetgewing in die praktyk sal hê veral met inagneming van die *Huwelikswet* en die onveranderlike gevolge van huweliksluiting.

Om hierdie rede is dit van groot belang dat daar na 'n breedvoerige vergelykende studie tussen Nederland en Suid-Afrika gekyk moet word omrede die begrip huwelike tussen persone van dieselfde geslag reeds in verskeie fassette sedert 2001 deur wetgewing goedgekeur is en geimplimenteer word in Nederland.

## 2 Bepalings van die *Huwelikswet* en huweliksformulier voor 1 Desember 2005

Artikel 30(1)[14] van die *Huwelikswet* gebruik slegs die woorde "man en vrou". Die huweliksformulier in die *Huwelikswet* soos vervat in artikel 30(1) verwys slegs na 'n man wat 'n vrou as huweliksmaat neem. Bogemelde verskaf baie probleme vir heteroseksuele persone sowel as persone van dieselfde geslag indien hulle in 'n lewenslange verhouding betrokke raak.

Lewensverhoudinge het betrekking op persone wat nie getroud is nie, maar wat saamwoon in 'n verhouding (hierna genoem lewensverhouding) wat analoog is aan 'n huwelik of wat die meeste van die eienskappe van 'n huwelik vertoon.[15] Verskeie ander benamings word gebruik om hierdie verhouding te beskryf, die bekendste is 'n huishoudelike vennootskap, saamwoning, gemeenregtelike huwelike, konkubinaat, *de facto* huwelik[16] asook "geregistreerd partnershchap".[17]

Alhoewel die verwerplikheid van seksisme in amptelike gesprekke wyd erken word, is daar nog baie gevalle van diskriminasie, veral wat betref seksuele oriëntasie.[18] Na die Konstitusionele Hof se erkenning daaraan dat 'n gesin 'n maatskaplike instelling is wat van wesenlike belang is[19] en

---

14 Sien vn 7 vir 'n volledige bespreking van a 30(1).

15 Cronjé en Heaton *Familiereg* 233.

16 Cronjé en Heaton *Familiereg* 233.

17 Soos dit toegepas word in die Nederlandse reg. Act on the Opening up of Marriage van 21 Desember 2000.

18 Church 2003 *Fundaminia* 44.

19 *Dawood v Minister of Home Affairs*; *Shalabi v Minister of Home Affairs*; *Thomas v Minister of Home Affairs* 2000 3 SA 936 (KH) par 30 en 31; *Du Toit v Minister for Welfare and Population Development* 2003 2 SA 198 (KH) par 19.

dat families in verskeie groottes en vorme kan voorkom,[20] is dit vanselfsprekend dat die huidige regsposisie en definisie met betrekking tot lewensverhoudinge hervorm moet word.[21]

## 3 Grondwetlike aspekte

Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*[22] is van besondere belang, veral met betrekking tot die onversoenbare gevolge van die huweliksluiting.[23] Die Grondwet is bedoel om 'n nuwe fase in die Suid-Afrikaanse geskiedenis in te lei en dit is dus nie net met die publieke sfeer, maar ook met die privaatsfeer gemoeid.[24] Die Handves van Regte beskerm al die mense in die Republiek van Suid-Afrika[25] en die staat moet die regte in die Handves eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.[26] Menswaardigheid, gelykheid en vryheid is volgens artikel 8,[27] 9[28]

---

20 *Dawood v Minister of Home Affairs*; *Shalabi v Minister of Home Affairs; Thomas v Minister of Home Affairs* 2000 3 SA 936 (KH) par 31; *Du Toit v Minister for Welfare and Population Development* 2003 2 SA 198 (KH) par 19.

21 *Dawood v Minister of Home Affairs*; *Shalabi v Minister of Home Affairs; Thomas v Minister of Home Affairs* 2000 3 SA 936 (KH) par 30 en 31; Van der Walt en Pienaar *Sakereg* 234.

22 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (hierna verwys as die Grondwet).

23 Cronjé en Heaton *Familiereg* 215, 228, 244.

24 In a 1 is die doel van die Grondwet so gestel: "om 'n nuwe regsorde te stel waarin alle Suid-Afrikaners geregtig sal wees op 'n regstaat waarin daar gelykheid is tussen alle mense sodat almal geregtig sal wees om hulle fundamentele regte te geniet en uit te oefen en om te bou aan 'n toekoms wat deur die erkenning van menseregte, demokrasie, gelykheid en vreedsame naasbestaan gekenmerk te word."

25 Grant 1996 *SAJHR* 571.

26 Steyn 1998 *TSAR* 108.

27 Artikel 8 van die 1996 Grondwet lei soos volg: 1) Hierdie Handves is van toepassing op alle wette en bind alle wetgewing en staatsorganisies...; 2) Die voorskrifte van die Handves bind natuurlike en regspersone...; 3) As bogemelde Handves toegepas word op 'n natuurlike persoon of regspersoon in terme van subartikel 2 moet die hof- a) 'n bevel gee met die effek dat dit van toepassing sal wees op die Grondwet, die Gemenereg en tot die effek dat dit ook op die Wetgewer van toepassing sal wees, en mag reëls daar stel om die Gemenereg te beperk in samewerking met die beperkings soos vervat in Artikel 36(1); b) 'n Regspersoon is geregtig op die regte soos vervat in die Handves... .

28 Artikel 9 van die 1996 Grondwet lei soos volg 1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg; 2) Gelykheid sluit die volle en gelyke genietinge van alle regte en vryhede in ...; 3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van onder andere regs, geslagtelikheid, geslag, huwelikstatus en seksuele georiënteerdheid; 4) Onbillike diskriminasie as gevolg van geslag– en geslagtelikheid word verbied; 5) Diskriminasie op enige van bogemelde subartikels is onredelik mits die diskriminasie redelik is.

saamgelees met artikel 36[29] van dié sleutelwaardes van die Grondwet.[30] Die feit dat die Grondwet die hoogste reg is,[31] beteken dat alle ander wette daarmee versoenbaar moet wees. Indien onversoenbaar, kan die Konstitusionele Hof dit ongeldig verklaar of van die wetgewer vereis om die wet te wysig.[32] Artikel 36 van die Grondwet veroorloof die beperking van 'n fundamentele reg slegs indien sodanige beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing wat op waardigheid, gelykheid en vryheid gebaseer is.

Sedert die aanvaarding van die Grondwet in 1996 het die vestiging van 'n regverdige bedeling vir elke persoon in die land, ongeag kleur, ras, ouderdom, geslag, seksuele voorkeur en ander veranderlikes, stap vir stap deur die regstelsel beslag begin kry.[33] Van die belangrikste veranderings het die wese van die regte van mense bevestig, selfs al moes dit ou praktyke waarin die samelewing geslagte lank vas geglo het, aantas en omverwerp.[34] Om hierdie rede het die regters in die *Fourie*-beslissing 'n groot deel van hulle uitspraak aan die kwessie van godsdienstige oortuigings afgestaan en beklemtoon dat daar godsdiensvryheid moet

29 Artikel 36(1) van die 1996 Grondwet veroorloof die beperking van fundamentele reg slegs indien sodanige beperking redelik en regverdig is en ook die demokratiese samelewewing wat op waardigheid, gelykheid en vryheid gebaseer is met insluitende die aard van die reg, die belangrikheid en die rede vir die beperking, en die aard en duur van die beperking, die verband tussen die beperking en die rede daarvoor; die minste beperking ten einde die doel te bereik.

30 *Harsken v Lane* 1998 1 SA 300 (KH) par 301 F – I en par 302 A. (Hierna genoem die *Harsken*-saak genoem).

31 A 2.

32 Aa 167(5) en 172(2)(a) van die Grondwet bepaal dat 'n bevel dat enige wetsbepaling ongrondwetlik is, nie van krag is nie, tensy dit deur die konstitusionele hof bekragtig word.

33 A 9(3) en 9(4) van die Grondwet bepaal dat daar nie op grond van seksuele oriëntasie, gelykheid, menswaardigheid en vryheid onbillik teen 'n persoon gediskrimineer word nie. A 9 van die 1996 Grondwet lui soos volg : (1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg; (2) Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in ...; (3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van onder andere ras, geslagtelikheid, geslag, huwelikstatus, seksuele georiënteerdheid. Onbillike diskriminasie as gevolg van geslag- en geslagtelikheid word verbied. A 15(1) van die 1996 Grondwet handel oor godsdiensvryheid en nie-diskriminasie op grond van godsdiens. A 16 verleen reg van vryheid van uitdrukking. A 30 verleen aan elkeen die reg om aan die kulturele lewe van sy/haar keuse deel te neem. A 31(2) bepaal dat hierdie regte egter nie uitgeoefen moet word op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van regte onverstaanbaar is nie. A 36 van die 1996 Grondwet veroorloof die beperking van fundamentele reg slegs indien sodanige beperking redelik en regverdig is in 'n oop en demokratiese samelewing wat op waardigheid, gelykheid en vryheid gebaseer is.

34 De Bruin 3 Desember 2005 *Rapport* 1.

wees en nie diskriminasie op grond van godsdiens aan die een kant en geslag- en geslagtelikheidsgelykheid aan die ander kant.[35] Daar is in die *Minister of Home Affairs*-saak aangevoer dat die nie-erkenning van huwelike tussen persone van dieselfde geslag op albei regte inbreuk maak.[36]

Volgens artikel 9 is elkeen gelyk voor die reg en het die reg om gelyke beskerming deur die reg. Die moontlike erkenning van saamwoonverhoudings tussen persone van dieselfde geslag word reeds sedert die *Interim Grondwet*[37] deur Silver, Labuschagne en Grant bepleit.[38] Die juridiese miskenning van saamwoonverhoudings tussen partye van dieselfde geslag was onaanvaarbaar in die lig van die gelyke behandeling wat vereis word deur die Grondwet en juridiese erkenning was onvermydelik, aldus Labuschagne.[39]

Die gelykheidsklousule in die Grondwet is eers in 1998 in die Konstitusionele Hof gebruik vir die erkenning van saamwoonverhoudings tussen persone van dieselfde geslag.[40] Die Suid-Afrikaanse Grondwet is die eerste wet ter wêreld waarin diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie uitdruklik verbied word, en hoofstuk twee word gesien as die mees progressiewe Handves van regte ter wêreld.[41] Noble[42] voer aan dat 'n

---

35 *Fourie*-saak par 560 E – 9.

36 *Minister of Home Affairs*-saak.

37 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993 (hierna genoem die Interim Grondwet).

38 Silver 1996 *SAJHR* 578; Labuschagne 1996 *SAJHR* 538, 542; Grant 1996 *SAJHR* 573. Labuschagne is van mening dat die huweliksinstelling in die Westerse wêreld op Joods-Christelike tradisie baseer word en dat huwelike tussen homoseksuele persone (hier word verwys na eengeslaghuwelike) slegs verbied word na aanleiding van christelike waardes en gepaardgaande mites en veronderstellings. Hy voer verder aan dat dit 'n groepmoraliteit was en gebruik is om 'n spesifieke huweliksbenadering af te dwing. Hy maak ook die stelling dat seksuele moraliteit (aanvanklik) uitsluitlik gerig was op voortplanting aangesien getalle groepsoorlewing verseker het (die biotiese funderingsfunksie). Getalle is egter nie meer nodig vir groepsoorlewing nie.

39 Noble sluit by Labuschagne aan. Silver 1996 *SAJHR* 578; Noble 1997 *Responsa Meridiana* 92. Noble 1997 *Responsa Meridiana* 92 bepaal die volgende: "... such non-recognition is incongruent with the val of freedom and equality as expressed by the Constitution".

40 Anon 24 April 1998 "Untying the legal love knots" gevind op internet HYPERLINK http://colours.mahost.org/articles/shenker.html 12 Sep 2006.

41 Anon 24 April 1998 "Untying the legal love knots" gevind op internet HYPERLINK http://colours.mahost.org/articles/shenker.html 12 Sep 2006; Silver 1996 *SAJHR* 579.

42 Noble 1997 *Responsa Meridiana* 92. Die verbod op huwelike tussen persone van dieselfde geslag beperk hierdie persone se deelname in die samelewing. Noble

beginsel van gelykheid teoretiese optrede moet verbied wat groepe verhoed om ten volle deel van die gemeenskap te wees.

Havenga[43] steun Noble se siening in sy bespreking van *Langemaat v Minister of Safety and Security*[44] waar hy die mening uitspreek dat die hof impliseer dat saamwoonverhoudings tussen persone van dieselfde geslag wel erken sal word as dit vir 'n lang tyd reeds bestaan het.[45]

Die gelykheidsklousule in die *Interim Grondwet*[46], is reeds in *Harksen v Lane*[47] waar die Konstitusionele Hof se analise van die gelykheidsklousule daarop neerkom dat daar drie toetse is. Die eerste toets vereis dat daar vasgestel moet word of die reg of optrede inbreuk maak op die reg op gelykheid (beskerming deur die reg). Dit is die rasionele toets. Die tweede toets is om vas te stel of die reg of optrede waaroor dit gaan (*in casu*) onbillike diskriminasie daarstel. Die derde toets is 'n toets vir onbillikheid. Die interpretasie van artikel 8 van die *Interim Grondwet* in *Harksen v Lane* bepaal dat daar eerstens vasgestel moet word of daar enigsins sprake is van differensiasie tussen individuele en groepe mense. As daar differensiasie is, dan moet daar vasgestel word of dit neerkom op diskriminasie. Daar is diskriminasie wanneer daar differensiasie is ten opsigte van een van die gronde soos uiteengesit in artikel 9(3) van die Grondwet. Wanneer daar dan vasgestel is, dat daar wel diskriminasie aanwesig is, moet die billikheid daarvan bepaal word. Om te bepaal of die diskriminasie onbillik is, moet daar gekyk word na die impak wat die diskriminasie op die persoon of groep persone se menswaardigheid het.[48]

---

gaan verder en vind dat: "... section 9(3) endorses that it no longer wants gay and lesbian groups to be considered outsiders on the basis of their sexual orientation. To exclude these groups from the benefits of marriage is a denial of the right granted to them in terms of section 9(3) and would convey the message that they are considered to be inferior persons within the society that they live in."

43 Havenga 1998 *THRHR* 722.

44 *Langemaat v Minister of Safety and Security* 1998 3 SA 312 (T) (hierna word verwys na die *Langemaat*-saak).

45 Die beginsel in die reg is dat elkeen se privaatheid gerespekteer moet word en dat elkeen die reg het om sy eie private keuses te maak in 'n moderne demokratiese samelewing, insluitend die reg om 'n keuse uit te oefen om 'n huwelik aan te gaan met 'n persoon van dieselfde geslag.

46 Artikel 8.

47 *Harsken*-saak.

48 Die impak word bepaal met verwysing na die volgende faktore, naamlik die posisie wat die klaer in die samelewing beklee, die aard van die bepaling en die doel wat nagestreef word daardeur en die omvang van die regte/belange wat geaffekteer is deur die diskriminasie en/of dit die klaer se fundamentele

Indien dit gevind word dat daar van onbillike diskriminasie sprake is, dan is die wetgewing of optrede in stryd met die gelykheidsklousule.[49]

Volgens artikel 9 is elkeen gelyk voor die reg en het die reg om gelyke beskerming deur die reg. Die Grondwet laat dus 'n gaping vir optrede teen onbillikke diskriminasie ten opsigte van seksuele orientasie soos byvoorbeeld die opheffing van die verbod op huwelike tussen persone van dieselfde geslag en die verandering van die huwelikswet, selfs al moet dit ou praktyke waarin die samelewing geslagte lank vas aan glo, aantas en omverwerp.[50]

Die uitleg klousule in die Grondwet bepaal onder andere dat 'n Hof by die uitleg van enige wet die gees, strekking en oogmerk van die Handves van Regte moet bevorder, en dat die Hof by die uitleg van die Handves van Regte buitelandse reg in ag kan neem.[51]

Ten einde 'n volledige begrip te hê welke implikasie die Grondwet en *Civil Union Act* op die onveranderbare gevolge van huweliksgoedere asook die *Huwelikswet* in die toekoms sal hê, is dit van groot belang dat daar gekyk word na 'n breedvoerige historiese oorsig van die *Huwelikswet* tot en met die intree werking van die Grondwet.

---

waardigheid benadeel.

49 Oor die grondwetlike argumente in verband met die erkenning van lewensverhoudings van persone van dieselfde geslag, sien verder *Bernstein v Bester* 1996 2 SA 751 (KH) par 67; *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Justice* 1999 1 SA 1 (KH), (hierna die *National Coalition* 1999-saak genoem); *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Home Affairs* 2000 2 SA 1 (KH) (hierna die *National Coalition* 2000-saak genoem); *Satchwell v President of the Republic of South Africa* 2002 6 SA 1 (KH); *J v Director General,* Department *of Home Affairs* 2003 5 BCLR 463 (KH); *Du Plessis v Road Accident Fund* 2004 1 SA 359 (HHA); *Fourie and Bonthuys v Minister of Home affairs and Director-General*: *Home Affairs* CCT 25/03 31 Julie 2003 (KH); Suid-Afrikaanse Regshersieningskommissie *Discussion Paper 104 Domestic Partnership* Project 118 par 4.1, par 8.2, hfst 7; oor die grondwetlike beskerming teen onbillike diskriminasie as gevolg van seksuele georiënteerdheid en Afrika-opvattings oor menslikheid. Sien Cameron 2001 *SALJ* 642. Die *Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie Wet* verbied ook onbillike diskriminasie en bevat onder andere spesifieke bepalings oor geslagsgelykheid.

50 De Bruyn 3 Des 2005 *Rapport* 1

51 Grondwet hoofstuk 2 en Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie Wet 4 van 2000 (hierna die *Bevordering*-saak genoem) hoofstuk 1 definisie 1.(1)(xiii), Definisie 1.(xxii) en Definisie 1.(xv); Robinson 2 Des 2005 HYPERLINK http://www.religioustolerance.org/hom_mare.html 30 Jan 2006. 'n Volledige bespreking vorm nie deel van hierdie leerstuk nie.

## 4 Historiese oorsig van die *Huwelikswet*

Sedert die Romeinsereg tot en met die *Civil Union Act* het daar deur die eeue verskeie klem verskuiwings plaasgevind wat aanleiding gegee het dat daar 'n behoefte in die tradisionele reg, gemenereg, inheemsereg en Suid-Afrikaanse wetgewing ontstaan om erkenning te verleen aan 'n huwelik tussen persone van dieselfde geslag. Dit sal uit die volgende bespreking duidelik blyk dat daar voor die *Civil Union Act* 'n nodigheid ontstaan het om aandag te gee aan die behoeftes van verhoudings tussen persone van dieselfde geslag.

### *4.1 Posisie voor 1961*

Die Suid-Afrikaanse reg is geskoei op die Romeinse reg.[52] Daarna het die Germaanse reg ingetree.[53] Tydens die kanonieke periode het kerklike invloed belangrike veranderinge in die huweliksreg meegebring wat in sommige opsigte steeds vandag nog bestaan.[54]

Daarna het die gereformeerde periode ingetree.[55] Die *Wet op*

---

52 In die vroeë Romeinse reg is die huwelik gesluit op die basis dat die vrou die status kry van 'n dogter van die eggenoot en alles wat sy verkry, verkry sy van haar eggenote self. Die huwelik is dan ook beëindig deur die dood of egskeiding soos omskryf deur Cronjé & Heaton *Familiereg* 4. Die Romeinse reg het gegeld voor *Circa* 1000.

53 Uit hoofde waarvan die man deur die huwelik die volle gesag oor die vrou verkry – hy kon haar selfs koop of om die lewe bring. Hy kon die huwelik ook eensydig opsê en die vrou na haar familie terugstuur, soos omskryf in Cronjé & Heaton *Familiereg* 4.

54 Die kerk het die huwelik en die huweliksreg onder sy jurisdiksie betrek. Ontwikkelinge wat deur die kerklike invloed veroorsaak is, is byvoorbeeld die verbod op poligamiese huwelike, die daarstelling van verbode grade van bloed- en aanverwantskap, die vereiste van wilsooreenstemming van man en vrou by huweliksluiting, die vereiste dat gebooie voor die huweliksluiting afgekondig moet word en die huwelik deur 'n priester ingeseën moet word, die vereiste van toestemming tot die huwelik van 'n minderjarige, die erkenning van 'n verlowing van 'n bindende kontrak en mettertyd ook 'n verbod op egskeiding, soos omskryf in Cronjé & Heaton *Familiereg* 4. Die Kanonieke periode was vanaf *Circa* 1001 tot 1580.

55 Die belangrikste kenmerk van hierdie periode is dat die katolieke denkbeelde verval het en dat die wêreldlike howe weer gesag oor die huwelik en die huweliksreg verkry het, maar dat die Gereformeerde Kerk tog 'n mate van seggenskap en invloed behou het. Die Gereformeerde Huweliksreg is in Holland in die Politieke Ordonnansie van 1 April 1580 vervat. Baie van die basiese uitgangspunte van hierdie Politieke Ordonnansie het in ons huweliksreg behoue gebly. Deur die "Order of Counsil" van 1938 is spesifieke nakoming van 'n verlowing afgeskaf. Sedert 1875 word vereis dat 'n huweliksvoorwaardekontrak geregistreer moet wees ten einde geldig teenoor skuldeisers van die man of die vrou te wees soos omskryf in Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 124. Die Gereformeerde periode was vanaf 1580 tot 1938.

*Huweliksaangeleenthede*[56] het die maritale mag van die man in belangrike opsigte aan bande gelê en die howe die bevoegdheid gegee om by egskeidings 'n onderhoudsbevel teen die skuldige party te verleen.[57] Die tradisionele en gemeenregtelike definisie van die huwelik het sedert 1961 meer aandag begin geniet.[58] Voor die aanvang van die *Huwelikswet* was daar geen wetlike sanksies teen saamwoonverhoudinge tussen persone van dieselfde geslag en huwelike tussen persone van dieselfde geslag nie, ook nie in die Inheemse reg nie.[59] In meeste van hierdie kulture by die Inheemse reg was saamwoonverhoudinge tussen persone van dieselfde geslag geakkommodeer.[60]

### *4.2 Posisie vanaf 1961 tot 1990*

Die posisie het sedert 1961 verander en het persone van dieselfde geslag nie net sosiale "outcasts" geword nie, maar hulle gedrag is ook deur

---

56 Wet 37 van 1953.

57 Aa 11 en 21(1).

58 *W v W* 1976 2 SA 308 (W) 310D-E; *Ismail v Ismail* 1993 1 SA 1006 (A) 109.

59 Cronjé en Heaton *Familiereg* 17.

60 Church 2003 *Fundaminia* 44-55. In hierdie artikel is twee voorbeelde bespreek. Die eerste voorbeeld behels die vrou-met-vrou huwelik wat oral in Afrika voorkom. In Suid-Afrika is sodanige huwelike *inter alia* aangeteken vir Venda-, Lovedu-, Pedi-, Zoeloe- en Narenebevolkings. Daar is twee hoofredes vir sodanige huwelike. Eerstens, een vrou trou met 'n ander vrou as gevolg van laasgenoemde se invloedryke posisie, of tweedens, omdat sy kinderloos is. Die vernaamste voorbeeld is dié van die Reënkoningin, 'n institusie wat baie bekend en omvattend gedokumenteer is. Die laaste Reënkoningin het vier vrouens gehad en haar moeder was met elf vrouens getroud en het tien kleinkinders gehad. Die tweede voorbeeld wat onlangs gerapporteer is, het tussen die Pedi in die Noordelike Provinsie plaasgevind. Uit navorsing wat in 1999 gedoen is, blyk dit dat 'n ouer vrou wat kinderloos was en geen broers gehad het nie 'n huwelik vir die *lapa* (huishouding) aangegaan het. Die volle *bogadi* (huweliksgoedere) van twee bokke is betaal en die onderskeie families was betrokke by die reëlings. Deur hierdie huwelik word die jonger vrou se kinders ook die kinders van die ouer vrou en die familienaam word voortgesit. Hierdie verhouding het egter versuur en die twee vrouens en hulle onderskeie families het voor 'n vergadering van die *mosatei* verskyn in 'n poging om hulle verskille by te lê. Die jonger vrou is gelas om 'n "goeie vrou" te wees en nie op haar gade te vloek nie, terwyl die ouer vrou tereggewys is omdat sy nie 'n goeie "man" is nie. As gevolg van die feit dat die partye nie kon versoen nie, is die saak na die tradisionele hof verwys waar daar stappe geneem is om die huwelik te ontbind. Alhoewel hierdie tipe huwelike seldsaam is, word dit beslis nie as abnormaal beskou nie. Die bruid trou met al die gewone rituele en mag die huishouding binnetree met of sonder kinders. As sy kinderloos is, sal 'n "verwekker/vader" gevind word, verkieslik 'n bloedverwant van die vroulike man en die kinders sal deel wees van die huishouding van die vroulike man en nie van die biologiese vader nie. Aangesien sodanige huwelike deur tradisionele gebruike bekragtig word, ontstaan die vraag of dit as tradisionele huwelike erken en beskerm sal word in terme van die *Wet op die Erkenning van Inheemse/Tradisionele Huwelike* 120 van 1998 en die Grondwet. 'n Volledige bespreking hiervan val buite hierdie leerstuk.

wetgewing verbied.[61]

Tot onlangs in Suid-Afrika was die tradisionele idee egter dat die huwelik 'n wetlik-erkende vrywillige en lewenslange verbintenis is tussen een man en een vrou wat alle ander partye uitsluit vir solank as wat die verbintenis bestaan.[62] In terme van hierdie definisie is die wetlike elemente van die huwelik dat dit 'n wettige instelling is,[63] dat die aanvang en beëindiging daarvan deur wetgewing bepaal word, dat dit deur die instemming van die betrokke partye geskied en dat dit slegs moontlik is tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag.[64] Nie een van die *ex lege* gevolge van die huwelik geld outomaties as 'n paartjie saamwoon maar nie getroud is nie.[65] Dit was die posisie ongeag of die persone in hulle lewensverhouding regtens met mekaar kon trou al dan nie.[66]

Verskeie wysigings ten opsigte van die bestaande wetgewing is egter aangebring en nuwe wetgewing is sedert 1961 aanvaar. In 1970 is die *Huwelikswet* gewysig en is die vereiste dat huweliksgebooie afgekondig moet word afgeskaf. Sedert 1979 het die familiereg baie aandag van die wetgewer geniet.[67] Die *Wet op Egskeiding*[68] het die gemeenregtelike egskeidingsgronde herroep en die egskeidingsreg op 'n heel nuwe grondslag geplaas.[69] Die *Wet op Huweliksgoedere*[70] het die maritale mag afgeskryf ten aansien van huwelike wat na die inwerkingtreding van die wet op 1 November 1984 gesluit is. Voor die intree werking van die *Wet op Huweliksgoedere* het die man in alle huwelike binne gemeenskap van goed die maritale mag gehad. Die maritale mag het onder andere aan die man die bevoegdheid verleen om skuld aan te gaan en om gemeenskaplike bates en die afsonderlike bates van sy vrou waaroor sy maritale mag nie uitgesluit was nie te koop en te verkoop/verpand of met 'n verband te

61 Bouwer 24 Februarie 2006 *Sunday Times Lifestyle Section* 1.
62 *Seedats Executors v The Master (Natal)* 1917 AD 302 309.
63 *Kuhn v Karp* 1948 4 SA 825 (T) 841.
64 Cronjé en Heaton *Familiereg* 233.
65 Cronjé en Heaton *Familiereg* 233.
66 Cronjé en Heaton *Familiereg* 233.
67 Sien Cronjé en Heaton *Familiereg* 6.
68 70 van 1979.
69 Ingevolge die nuwe bedeling is skuld nie meer die grondslag van egskeidingsreg nie, maar die beginsel van onherstelbare verbrokkeling. 'n Hof kan ook nie meer 'n bevel van skeiding van tafel en bed maak nie. Sien Cronjé en Heaton *Familiereg* 6.
70 Wet 88 van 1984.

beswaar.[71] Maritale mag is afgeskaf deur artikel 11 van die *Wet op Huweliksgoedere* en deur 'n stelsel van gelykhoofdige bestuur van die gemeenskaplike boedel vervang.[72]

Die *Wet op Huweliksgoedere* het nie die twee stelsels[73] wat voor 1984 die meeste voorgekom het, afgeskaf nie, maar het wel die maritale mag soos reeds vermeld afgeskaf en 'n variasie op die huwelike buite gemeenskap van goed geplaas, naamlik die aanwasbedeling.[74]

Ondanks bogemelde was daar geen poging aangewend om 'n huwelik en/of saamwoonverhouding tussen persone van dieselfde geslag te erken nie, alhoewel daar verskeie sosiale en godsdienstige argumente ten gunste en nie ten gunste van huwelike tussen persone van dieselfde geslag sedertdien geopper is.[75]

### *4.3 Posisie vanaf 1990*

In die huidige multi-kulturele Suid-Afrikaanse samelewing en in die lig van die nuwe grondwetlike reg, is die tradisionele definisie van 'n huwelik nie meer aanvaarbaar nie. Eerstens, met die inwerkingtreding van die

---

71 Cronje en Heaton *Familiereg* 6. Hierdie idee van die martiale mag was in stryd met moderne opvattings.

72 Cronje en Heaton *Familiereg* 6.

73 Tot met die inwerktreding van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984 op 1 November 1984, was daar hoofsaaklik twee algemene gebruikte huweliksgoedere stelsels in Suid-Afrika, naamlik huwelike binne gemeenskap van goed met die maritale mag, en huwelike buite gemeenskap van goed met uitsluiting van sowel gemeenskap van wins en verlies asook die maritale mag van die man.

74 Artikel 23 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

75 Argumente teen huwelike tussen persone van dieselfde geslag sluit in dat dit 'n bedreiging inhou vir die huwelik as tradisionele instelling wat die aard van die saak 'n heteroseksuele verhouding is, dat dit bots met die openbare mening oor moraliteit en beteken dat die reg nie goedkeuring aan abnormale gedrag verleen nie, maar dit ook aanmoedig, dat die huwelik verbied moet word, aangesien gades een van die primêre doelwitte van die huwelik, naamlik voortplanting nie kan vervul nie, dat dit nie in die kind se beste belang is om deur 'n lesbiese of gay ouer grootgemaak te word nie en dat hulle nie die voordele van 'n gade geniet nie. Williams 2006 *TSAR* 1. Jackson 17 Aug 2005 *Beeld* 1; De Bruin 10 Feb 2006 *Beeld* 7; De Bruin 4 Des 2005 *Beeld* 1; Eybers 3 Des 2005 *Rapport* 1; De Bruin 2 Des 2005 *Beeld* 1; Jackson 9 Aug 2001 *Beeld* 1.
Argumente ten gunste van huwelike tussen persone van dieselfde geslag sluit in as homoseksuele huwelike toegelaat word, beteken dit nie dat tradisionele huwelike nie meer kan floreer nie. Suid-Afrika is nie 'n Christelike, Moslem, Hindoe of enige ander godsdienstige staat nie. Dis 'n staat wat ruimte vir al dié godsdienste bied. Williams 2006 *TSAR* 1. De Bruin 2 Desember 2005 *Beeld* 1; De Bruin 28 Februarie 2006 *Beeld* 17; De Bruin 27 April 2006 *Die Burger* 12; Jackson 8 Februarie 2006 *Beeld* 17; Jackson 3 Desember 2005 *Volksblad* 1.

Grondwet[76] en die *Wet op die Erkenning van Tradisionele/Inheemse Huwelike*[77] word poligame en potensieel-poligame huwelike wetlik erken. Tweedens is diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie teenstrydig met artikel 9 van die Grondwet.[78]

In *Langemaat v Minister Of Safety & Security*[79] is die feite kortliks: Langemaat was 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Sy en haar lewensmaat, wat in 'n lesbiese verhouding van tussen elf en twaalf jaar betrokke was, was mekaar se begunstigdes in hul onderskeie polisse. Langemaat wou haar vriendin, Myburgh, as haar (Langemaat se) afhanklike registreer by die Suid-Afrikaanse Polisiediens se mediese fonds.[80] Regulasie 30(2)(b) van die *Suid-Afrikaanse Polisiediens Wet*[81] omskryf 'n afhanklike as 'n "wettige gade". In terme van Polmed se reël 4.2 is "afhanklike" 'n afhanklike soos omskryf in die regulasies en ook die wettige eggenote van 'n lid. Langemaat versoek dat beveel word dat regulasie 30(2)(b) en reël 4.2 in stryd met die bepalings van die Grondwet is, en dus ongeldig is. Sy vra ook vir hersiening en tersydestelling van die besluit dat die applikant se lewensmaat nie geregistreer mag word as afhanklike nie. Sy versoek voorts dat die hof Polmed beveel om die applikant se lewensmaat as afhanklike te registreer.[82]

Langemaat het sterk gesteun op a 9(3) van die Grondwet waarin bepaal word dat daar nie op grond van geslag, huwelikstatus of seksuele oriëntasie teen 'n persoon gediskrimineer mag word nie.[83] By oorweging van die feite, word met spesifieke verwysing na die *boni mores* van die gemeenskap bevind dat die weiering van Polmed om Myburgh as

---

76 A 211(3) van die Grondwet.

77 120 van 1998.

78 Die Konstitusionele hof se analise van die gelykheidsklousule word bevestig in *Harksen*-saak waar drie toetse aangewend word onder andere dat daar eers vasgestel moet word of die reg/optrede inbreuk maak op die reg op gelykheid (beskerming deur die reg). Dit is die rasionele toets, die tweede toets is om vas te stel of die reg of optrede waaroor dit gaan (*in casu*) onbillik diskrimineer op grond van en of meer gronde waarby twee toetse betrokke is, naamlik 'n toets vir diskriminasie en 'n toets vir onbillikheid. Britz *Homoseksuele verhoudings* 17.

79 1998 3 SA 312 (T) par 313 F – J. (hierna genoem die *Langemaat*-saak).

80 Polmed is die Suid-Afrikaanse Polisiediens se mediese fonds.

81 68 van 1995 (hierna genoem as die *Polisiewet*).

82 *Langemaat*-saak par 312 D en 312 I.

83 Wolhuter 1997 *SALJ* 410. Anon 2006 Hyperlink http://www.aforbes.co.za/publications/quarterly.bottom1.html 13 Sep 2006.

afhanklike te registreer inderdaad in stryd met die bepalings van die Grondwet is, deurdat diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie verbied word.[84] Reg 30(2)(b) en reël 4.2. word ongeldig verklaar omdat dit in stryd met die gelykheidsbepaling is.

Die eerste vraag waarna die hof kyk,[85] is wie as 'n afhanklike kwalifiseer. Die definisie sluit slegs wettige gades/weduwees in. Sekere persone word dus uitgesluit van die regulasies van Polmed. Dit lei tot diskriminasie teen hierdie partye. Ten opsigte van 'n homoseksuele lewensmaat as afhanklike, bevind die hof:

> The stability and performance of their relationship is no different from the many married couples I know. Both types of unions are deserving of respect and protection[86]

Die hof bevind gevolglik dat so 'n verhouding erken moet word "as being to all intents and purposes a marriage."[87] Die hof wys verder daarop dat die Romeins-Hollandse skrywers aanvaar dat die beginsel van onderhoud van die afhanklike gebaseer is op "equity, reason, filial, affection and a sort of sense of decency."[88] So kan daar voorsiening gemaak word sodat dit ook op homoseksuele pare van toepassing moet wees. Die Grondwet steun ook hierdie uitbreiding en skep regte vir die gade of lewensmaat.[89] As hierdie analise toegepas word op die onderhawige geval, is dit duidelik dat regulasie 30(2)(b) en reël 4(2) onderskei tussen individue en groepe mense op grond van hulle seksuele oriëntasie. Dit is tans so omdat ons reg persone in dieselfde geslag verhoudinge uitsluit uit huwelike. Die rede:

> Marriage represents that one form of life-partnership. The law currently only recognises conjugal relationships between people of the opposite sex. It is enough to say that there is another form of life-partnerships which is different from marriage as recognized by law. This form of life-partnerships is represented by a conjugal relationship between two people of

---

84 *Langemaat*-saak par 315 D en E.
85 *Langemaat*-saak par 315 I.
86 *Langemaat*-saak par 316 F.
87 *Langemaat*-saak par 314 F.
88 *Langemaat*-saak par 316 E.
89 *Langemaat*-saak par 316 G.

the same-sex.[90]

Die uitsluiting van persone van dieselfde geslag van huwelike (huweliksluiting) is ongrondwetlik, en sodra dit vasgestel is dat "gade" ook lewenslange persone van dieselfde geslag insluit, sal die onderskeid in die regulasies en reëls ook wegval. Die gevolg van die gelykheidsbepaling van die Grondwet is dat mediese skemas nie regsgeldig persone van dieselfde geslag as afhanklikes kan uitsluit nie. So 'n uitsluiting gee aanleiding tot onredelike diskriminasie in terme van artikels 9(3) asook 9(4) van die Grondwet. Die hof beslis dat die gevolg van die gelykheidsbepaling is dat mediese skemas nie homoseksuele lewensmaats as afhanklikes van lede kan uitsluit nie.[91] Die hof se bevinding kom dus daarop neer dat ook homoseksuele persone by afhanklikes ingesluit moet word.

Sedert 1990 het die posisie aansienlik verander. Aandag is op verskeie gebiede gegee aan die behoeftes van persone van dieselfde geslag wat in saamwoonverhoudinge verkeer. Sedert 1990 is verskeie wette reeds gewysig om heteroseksuele lewensmetgeselle en gades eenders te behandel. Die *Insolvensiewet*[92] sluit 'n heteroseksuele lewensmetgesel by die omskrywing van die gade in.[93] Die *Wet op Vergoeding van Beroepsbeserings en Siektes*[94] veroorloof 'n persoon wat met die werknemer as "man en vrou" saamgeleef het, en wat ten tye van 'n ongeluk finansieel gedeeltelik of geheel van die werknemer afhanklik was om van die werknemer se afhanklike vergoeding te eis as die werknemer deur die loop van sy of haar werk gedood word.[95] Dit geld egter net as die werkgewer nie ook 'n gade gehad het nie.[96] Die *Boedelbelastingwet*[97] stel eiendom wat 'n langslewende lewensmetgesel uit die boedel van sy of haar oorlede lewensmetgesel verkry, vry van boedelbelasting.[98] Die *Wet op Pensioenfondse*[99] omskryf 'n afhanklike as die pensioenfondslid se gade of

90 Schäfer 2005 *SALJ* 629.
91 *Langemaat*-saak par 313 A – E.
92 24 van 1936.
93 A 21(13).
94 130 van 1993.
95 Cronjé en Heaton *Familiereg* 238.
96 A 22(1).
97 45 van 1955.
98 A 4(q) van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.
99 24 van 1956.

kind of 'n persoon wat die lid regtens verplig is om te onderhou, of wat hy of hy/sy nie regtens verplig is om te onderhou nie, maar wat na die mening van die pensioenfondsraad in werklikheid van hom of haar vir onderhoud afhanklik is.[100]

In Desember 1999 spreek die Konstitusionele Hof hom in *National Coalition for Gay and Lesbian Equality and Other v Minister of Home Affairs*[101] oor aangeleenthede rakende homoseksuele verhoudings uit. Die Konstitusionele Hof het hom egter nie oor die vraag of homoseksuele verhoudings regtens erken moet word, uitgespreek nie. Die saak *in casu* het gehandel oor die grondwetlikheid van artikel 25(5) van die *Wet op Vreemdelinge Beheer*[102]. By die omskrywing van gades word persone in 'n homoseksuele verhouding weggelaat en hulle is dus dienooreenkomstig nie geregtig op die voordele en gevolge van genoemde wet nie. Die reg op gelykheid en menswaardigheid word albei bespreek[103] aangesien dit nou met mekaar in die onderhawige geval verband hou. Die gronde vir diskriminasie word ook bespreek.[104]

Die hof tref een van vele vergelykings tussen huwelike en homoseksuele verhoudings en kom tot die gevolgtrekking dat albei oor die vermoë beskik om uitdrukking te gee aan en te deel in liefde soos dit manifesteer in alle vorme insluitend vriendskap, "eros" en liefde.[105] 'n Ooreenkoms is dat albei pare in staat is om intieme verhoudings te vorm wat permanent, monogaam, lojaal en voortdurend is en wat emosioneel en geestelike ondersteuning asook fisiese versorging en finansiële ondersteuning en bystand in die bestuur van 'n gemeenskaplike huishouding vir mekaar voorsien.[106] Albei pare mag onderskeidelik kinders aanneem en in die geval van lesbiërs kinders baar. Albei pare het dus die vermoë om 'n *consortium omnis vitae* en 'n gesin daar te stel.[107] Vir alle nodige doeleindes is homoseksuele pare nie onderskeibaar (in hul soort

---

100 Cronjé en Heaton *Familiereg* 238.
101 2000 2 SA 1 (KH). Hierna genoem die *National Coalition*-2000 saak.
102 96 van 1991.
103 *National Coaliton* 2000-saak par 4 F.
104 *National Coalition* 2000-saak par 4 A-J.
105 *National Coalition* 2000-saak par 4 F.
106 *National Coalition* 2000-saak par 4 D.
107 *National Coalition* 2000-saak par 4 F.

verhouding) van heteroseksuele egpare nie. Die boodskap wat deur die bepalings van die *Wet op Vreemdelinge Beheer* uitgestuur word, is dat homoseksuele pare nie beskik oor inherente menswaardigheid nie, en dat hulle gesinne en gesinslewens nie gerespekteer of beskerm moet word nie.[108] Die hof gaan hier 'n stap verder en voer aan dat hierdie diskriminasie nie alleen gebaseer is op seksuele oriëntasie nie, maar ook dat geen gelyke beregtiging ten opsigte van homoseksuele persone se seksuele oriëntasie getoon word nie.[109] Die argument dat die huwelik as tradisionele en konvensionele instelling deur die staat beskerm moet word, mag aanvaar word, maar hierdie beskerming mag nie so gedoen word dat dit ander persone se konstitusionele regte onredelik beperk nie.[110]

Verder stel die *Inkomstebelastingwet*[111] geskenke tussen lewensmetgeselle vry van geskenkebelasting[112] en die *Wet op Onderhoud*[113] vind toepassing ten opsigte van enige regsplig van 'n persoon om enige ander persoon te onderhou, ongeag die aard van verhouding wat aanleiding tot die onderhoudsplig gegee het.[114] Die *Wet op Gesinsgeweld*[115] verleen dieselfde beskerming teen gesinsgeweld aan gades en lewensmetgeselle van dieselfde geslag.[116] Die *Wet op Huurbehuising*[117] beskerm lewensmetgeselle teen onbillike diskriminasie op grond van hulle huwelikstatus of seksuele georiënteerdheid in verband met die huur van eiendom.[118]

Artikel 1 van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*[119] is ongrondwetlik verklaar vir sover dit nie op permanente lewensmetgeselle

---

108 *National Coalition* 2000-saak par 4 E-F.
109 *National Coalition* 2000-saak par 4 B-C.
110 *National Coalition* 2000-saak par 4 J. "The reasoning employed in the National case rest on two pilars, first the exclusively hetrosexual nature of marriage and secondly the absence of the freedom to chose to marry. Our courts have readaly disregarded the arguments traditionally used to justify their exclusive reservation to marriage. It is therefor, difficult to identify any rights presently enjoyed by sponsors that would survive future constitutional challences at the instance of same-sex life partners."
111 58 van 1962.
112 A 56(1)(b).
113 99 van 1998.
114 A 56(1)(b).
115 116 van 1998.
116 Cronjé en Heaton *Familiereg* 239.
117 50 van 1999.
118 A 4(1).
119 27 van 1990.

van toepassing is nie. Regter Davis het in *Robinson v Volks*[120] beslis dat om 'n permanente lewensmetgesel te belet om onderhoud uit die boedel van sy of haar oorlede metgesel te eis in omstandighede waar 'n gade wel sodanige eis sou gehad het, inbreuk maak op artikel 9 van die Grondwet aangesien dit neerkom op onbillike diskriminasie op grond van die huwelikstaat. Dit maak verder inbreuk op die langslewende lewensmetgesel se reg op waardigheid en skend sodoende artikel 10 van die Grondwet.[121] Indien 'n persoon intestaat sterf, sal die bepalings van die *Wet op Intestate Erfopvolging*[122] toegepas word om te bepaal hoe die boedel tussen die intestate erfgename verdeel moet word. In die *Wet op Intestate Erfopvolging*[123] word dit duidelik uiteengesit dat indien daar nie 'n geldige testament bestaan nie, die bevoordeeldes eerstens die gade of nakomelinge is of albei. Indien daar nog 'n gade, nog nakomelinge is, sal die boedel na ander lede van die familie gaan. Hier word die homoseksuele lewensmaat effektief uitgesluit indien daar nie 'n testament bestaan nie. Dit gee aanleiding tot die vraag oor wat die impak van die *Civil Union Act* op die *Wet op Intestate Erfopvolging* sal hê.

In *Du Plessis v Road Accident Fund*[124] is deur die Hoogste Hof van Appèl beslis dat die lewensmetgesel van dieselfde geslag teenoor wie die oorledene 'n kontraktuele onderhoudsplig gehad het, wel 'n eis om skadevergoeding het vir die verlies van onderhoud teen 'n derde, mits die persoon kan bewys dat die oorledene onderneem het om hom of haar te onderhou. Die *Wet op Mediese Skemas*[125] bepaal dat 'n mediese skema nie geregistreer mag word as die reëls daarvan, onder andere op grond van seksuele georiënteerdheid, onbillik teen enige iemand diskrimineer nie.[126] 'n Mediese skema mag gevolglik nie iemand op grond van sy of haar seksuele georiënteerdheid lidmaatskap ontsê of minder voordele aan

---

120 *Robinson v Volks* 2004 1 All SA 61 (K) (Hierna die *Robinson*-saak genoem).

121 Aa 167(5) en 172(2)(a) van die Grondwet bepaal dat 'n bevel dat enige wetsbepaling ongrondwetlik is, nie van krag is nie, tensy dit deur die Konstitusionele Hof bekragtig word. Die Konstitusionele Hof moet nog beslis oor bekragtiging van Regter Davis se bevel.

122 81 van 1987.

123 Artikel 1 van 81 van 1987.

124 *Du Plessis v Road Accident Fund* 2004 1 SA 359 (HHA) (Hierna die *Du Plessis*-saak genoem).

125 131 van 1998.

126 A 24(2)(e).

hom of haar bied nie.[127] Sekere artikels van die *Wet op Besoldiging en Diensvoorwaardes van Regters*[128] is in *Satchwell v President of Republic of South Africa*[129] ongrondwetlik en ongeldig verklaar vir sover hulle voordele wat 'n regter se gade beskore was aan 'n regter se lewensmetgesel van dieselfde geslag ontsê het. Na bogemelde uitsprake is die wet en die regulasies wat ingevolge daardie wet uitgevaardig is, vervang deur 'n nuwe *Wet op Besoldiging en Diensvoorwaardes van Regters*[130] en sy gepaardgaande regulasies.[131]

Die hof[132] bevind in die *National Coalition for Gay and Lesbian Equality and Others v Minister of Home Affairs*[133] dat artikel 25(5) van die *Wet op Vreemdelingebeheer*[134] onredelike diskriminasie daarstel en dat dit terselfdertyd 'n ernstige beperking van die reg op beskerming van menswaardigheid geniet. Die regte wat beperk word, naamlik gelykheid en menswaardigheid, is belangrike regte.[135] Ongelukkig spreek die Konstitusionele Hof hom nie uit oor die juridiese erkenning van homoseksuele verhoudings nie.[136] Dit is egter die mening toegedaan dat persone in 'n permanente homoseksuele verhouding regte het wat beskerm moet word, net soos persone wat partye is in geldige erkende huwelike.[137] Dit beteken dat die Konstitusionele Hof die woord gade laat uitbrei om homoseksuele persone hieronder in te sluit, en in gevalle waar homoseksuele persone uitdruklik (of by implikasie) uitgesluit word,[138] kan dit aanleiding gee tot diskriminasie of tot die ongeldigverklaring van die betrokke artikel.[139]

Die woord "gade" is ook reeds uitgebrei deur die wetgewer in die

---

127 *Langemaat*-saak par 316 A - C.
128 88 van 1989.
129 *Satchwell v President of Republic of South Africa* 2002 6 SA 1 (KH) (Hierna die *Satchwell*-saak genoem).
130 47 van 2001.
131 Cronjé en Heaton *Familiereg* 238.
132 *National Coaliton* 2000-saak, par 57 en par 59.
133 Die *National Coalition* 2000-saak.
134 96 van 1991.
135 *National Coaliton* 2000-saak par 89.
136 *National Coaliton* 2000-saak par 60.
137 *National Coaliton* 2000-saak par 82.
138 Singh 1999 *De Jure* 29-43.
139 *National Coaliton for Gay and Lesbian Equality and Others v Minister of Home Affairs* 2000 2 SA 1 (KH) par 86. (hierna genoem die *National Coalition* 2000-saak.

*Immigrasie Wet*[140] met die volgende "gade" beteken 'n persoon wat 'n party is tot 'n huwelik of 'n gebruiklike huwelik of 'n permanente verhouding." Die gelykheidsklousule speel 'n baie belangrike rol in die voorafgaande sake en gee ook aanleiding daartoe dat *gade* telkens wyer interpreteer word.[141] Hierdie artikel het aanleiding gegee tot die *Langemaat*-saak en *National Coalition 2000*-saak waarin diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie en gelyke behandeling in terme van artikel 9 ter sprake was. Die *Langemaat*-saak was op sy beurt die voorloper van die uitbreiding van die begrip "gade" tot so 'n mate dat dit ook persone van dieselfde geslag insluit. Na aanleiding van die *Langemaat*-saak moes die *Suid-Afrikaanse Polisiedienswet* en die regulasies en reëls van toepassing op die Suid-Afrikaanse Polisiediens se mediesefonds ook uitgebrei word.[142] Die *National Coalition 2000*-saak het op sy beurt daartoe aanleiding gegee dat die *Immigrasiewet* die lig gesien het en die woord "gade" is ook hier wyer interpreteer.

Artikel 25(5) van die *Wet op Vreemdelinge-Beheer*[143] het uitdruklik vrystellings verleen aan buitelandse gades en afhanklike kinders van permanente Suid-Afrikaanse inwoners. Die weiering om vrystelling met betrekking tot immigrasiepermitte te verleen aan vreemdelinge wat metgeselle van dieselfde geslag van permanente Suid-Afrikaanse inwoners, is ongrondwetlik verklaar op grond daarvan dat dit onregverdigbare, onbillike diskriminasie op grond van seksuele georiënteerdheid en huwelikstaat daargestel het, en ook metgeselle van dieselfde geslag se reg op waardigheid op onregverdigbare wyse geskend het.[144] Die Konstitusionele Hof het die tekortkominge in die wetgewing

140 13 van 2002. Artikel 25(5) van die *Wet op Vreemdelingebeheer* 86 van 1991 beperk die voordeel tot 'n gade. Hierdie Wet was vervang met artikel 1(1) van die *Immigrasiewet* 13 van 2002 waarin die woord "gade" gedefinieer word as 'n persoon wat 'n party tot 'n huwelik is, of 'n gemeentregtelike verhouding en/of 'n persoon en/of 'n permanente homoseksuele of hetroseksuele verhouding waarin die partye staat maak op gesamentlike finansiële en emosionele bystand en word ondersteun deur 'n voorgeskrewe beëdigde verklaring geattesteer deur 'n Notariële Kontrak.

141 Die woord "gade" moet heelwat wyer geinterpreteer word as die gewone woordeboek interpretasie soos gevind in Kritzinger *et al Groot Woordeboek* waarin die woord "spouse" vertaal word met "gade, wederhelf, eggenoot, eggenote, huweliksmaat".

142 'n Volledige bespreking kan gevind word by voetnota 119.

143 96 van 1991.

144 *National Coalition* 2000-saak par 86.

reggestel deur woorde in te lees – in hierdie geval "vennoot in 'n permanente selfdegeslag vennootskap". Die *Wet op Vreemdelingebeheer* is sedertdien vervang deur die *Immigrasiewet*.[145]

Artikel 5 van die *Wet op Status van Kinders*[146] is ook aangevat in *Director General v Department of Home Affairs*[147] en het die Konstitusionele Hof bevind dat die ongrondwetlikheid reggestel moet word deur onder andere die woord "getroud" te skrap en te vervang met "persone van dieselfde geslag in 'n saamwoonverhouding".[148] Die gevolg van die beslissing is dat 'n kind wat gebore word as gevolg van kunsmatige bevrugting van 'n vrou wat 'n metgesel in 'n lesbiese lewensverhouding is, nou ook deur artikel 5 gedek word. Die kind word dus beskou as die buite-egtelike kind van die lesbiese lewensmetgeselle en word onder enige een van hulle se van geregistreer of onder 'n dubbeldoor van wat uit albei lewensmetgeselle se vanne bestaan.[149]

Artikels 17(a), 17(c) en 20(1) van die *Wet op Kindersorg*[150] en artikel 1(2) van die *Wet op Voogdy*[151] is deur *Du Toit v Minister of Welfare and Population Development*[152] ongrondwetlik verklaar vir sover hulle nie vir lewensmetgeselle van dieselfde geslag as aannemende ouers voorsiening maak nie. Die gevolg van die beslissing is dat lewensmetgeselle van dieselfde geslag gesamentlik kinders mag aanneem. Een lewensmetgesel van dieselfde geslag mag verder die ander een se kind aanneem sonder dat die regte en verpligtinge tussen die ouer en kind beëindig word. In albei gevalle is die lewensmetgeselle van dieselfde geslag na die aanneming die kind se gesamentlike voogde.[153]

Dit is dus duidelik dat daar reeds voor die *Fourie*-beslissing nodigheid ontstaan het om aandag te gee aan die behoeftes van sekere verhoudings tussen persone van dieselfde geslag en het daar in sekere wetgewing

---

145 13 van 2002.
146 82 van 1997.
147 *Director General v Department of Home Affairs* 2003 5 BCLR 463 (KH).
148 *Department of Home Affairs*-saak par 608 F.
149 Die *Kinderwet* 38 van 2005 herroep die *Kinderwet* 70 van 2003 welke wet ook die *Wet op Status van Kinders* 82 van 1987 herroep het.
150 74 van 1983.
151 92 van 1993.
152 *Du Toit v Minister of Welfare and Population Development* 2003 2 SA 1998 (KH).
153 Cronje en Heaton *Familiereg* 240.

reeds sedertdien ingrypende veranderings plaasgevind.

Projek 118 van die Suid-Afrikaanse Regskommissie[154] het sy ontstaan te danke aan die *Langemaat*-saak. Die doel van hierdie projek was om aandag te gee aan die moontlike aanvaarding van wetgewing rakende die erkenning van homoseksuele verhoudings in Suid-Afrika, maar die doel van hierdie projek is verydel deur die *Minister of Home Affairs*-saak en die *Civil Union Act*.[155]

Die pensioenfonds ombudsman het ook in verskeie aangeleenthede uitspraak gelewer wat tot gevolg gehad het dat "gade" uitgebrei is tot so 'n mate dat persone in 'n homoseksuele verhouding ook hieronder ingesluit is soos blyk uit die *National Coalition*-saak.[156]

---

154 South African Law Reform Commission *Discussion Paper 104 Domestic Partnerships* Project 118.

155 Sien vn 172.

156 De Bruin 27 Apr 2006 *Beeld* 1. Die *Pensioenfonds Ombudsman* het die Beka Provident Fund op 9 Junie 1999 opdrag gegee om hul omskrywing van 'n gade uit te brei sodat persone in 'n homoseksuele verhouding ook daarby ingesluit word. Die rede hieragter "to amend its discriminatory rules so as to bring them into lines with constitutional guarantees of equality and non-discrimination on the basis of sexual orientation." Die *Pensioenfonds Ombudsman* het in sy uitspraak rakende die Beka Provident Fund bevind dat die uitsluiting van homoseksuele lewensmaats uit die groep van persone wat geregtig is op die voordele van pensioen van gades, onredelik diskrimineer teen homoseksuele pare deurdat die ontkenning ('denying') van dieselfde regte as waaroor heteroseksuele pare ingevolge die reëls van die pensioenfonds beskik. Die GLLAC het namens ene Rory Martin die eis teen die Beka Provident Fund ingestel. Martin was in 'n intieme homoseksuele verhouding van vier jaar met Von Maltitz. Met die afsterwe van Von Maltitz weier die fonds om die oorlewende gade se pensioen ("surviving spouse's pension") aan Martin uit te betaal. Die GLLAC het die *Pensioenfonds Ombudsman* genader vir die volgende bevele, naamlik om aan Martin die "lump sum" sterftevoordele uit te betaal op grond van sy verhouding met of wedersydse afhanklikheid van sy lewensmaat, om die definisie (omskrywing) van huwelik in die reëls van die fonds, ongrondwetlik te verklaar op grond van die reg op gelykheid en om die pensioenfonds te beveel om die gade se pensioen aan Martin te betaal. Die *Pensioenfonds Ombudsman* voer aan dat die omskrywing van huwelik in die fonds se reëls onderskei tussen man/vrou in saamwoonverhoudings en homoseksuele saamwoonverhoudings, en dus teen laasgenoemde diskrimineer. Hierdie diskriminasie is onredelik deurdat die eersgenoemde groep voordele kry wat die tweede groep ontsê word hoofsaaklik op grond van die seksuele oriëntasie van die partye tot die homoseksuele verhouding. Hy is verder ook van mening dat hierdie diskriminasie verbied word in terme van a 9(3) van die Grondwet. Die *Pensioenfonds Ombudsman* maak die bevel dat die lompsom voordeel en die gade se pensioen uitbetaal word aan Martin en in aanvulling hierby, beveel hy die fonds om sy omskrywing van 'n huwelik so te wysig dat dit homoseksuele pare insluit en dat dit ingehandig word by die Registrateur van Pensioenfondse vir goedkeuring. Die kriteria wat gebruik sal word om objektief te bepaal wat onder huwelik verstaan word, kan soos volg saamgevat word: "Issues indicating a long-term, committed, emotional and sexual band would probably have to be considered in addition to the mutual dependency and common household criteria". Volgens die *Pensioenfonds Ombudsman* se uitsprake is dit duidelik dat dit onvermydelik is om homoseksuele verhoudings, by die toepassing

In die *National Coalition*-saak word die billikheid van diskriminasie ondersoek en word *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Justice*[157] deurgaans as gesag gebruik. *Harksen v Lane*[158] word ook twee keer aangehaal. Hier word ongetwyfeld weggespring met artikel 9(5)[159] van die Grondwet waar onbillike diskriminasie uitdruklik verbied word. Die *Harksen v Lane*-toets word toegepas in *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Justice*[160] en ook bevestig in *National Coalition* 2000-saak.

Bogemelde wetgewing, besprekingsdokumente en hofuitsprake is alles in 'n neutedop saamgevat in die onlangse *Fourie*-beslissing, asook die *Civil Union Act* waarin 'n finaliteit ten opsigte van die huwelik tussen persone van dieselfde geslag verkry is.

Die Wet neem die bevinding van die Konstitusionele Hof dat die gemene reg se definisie van 'n huwelik in die *Huwelikswet* ongrondwetlik is in ag. Die Konstitusionele Hof se bevinding was dat die definisie nie dieselfde status, voordele en verantwoordelikhede aan 'n paartjie van dieselfde geslag as 'n huwelik aan 'n heteroseksuele een verleen nie.[161] Die Wet erken ook saamblyverbintenisse tussen volwassenes van die teenoorgestelde geslag of dieselfde geslag wat nie getroud is of 'n burgerlike verbintenis aangegaan het nie.[162]

## 5 Onlangse ontwikkelinge

Voor die *Fourie*-beslissing was die Suid-Afrikaanse Regshersienings-kommissie reeds geruime tyd besig om die erkenning van die verskillende lewensverhoudings te ondersoek.[163]

Die *Fourie*-beslissing het egter alle besprekings oor die moontlike erkenning van 'n huwelik tussen persone van dieselfde geslag asook enige

van die Grondwet te erken.

157 1998 12 BCLR 1517 (KH).

158 1997 11 BCLR 1489 (KH).

159 Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is.

160 1998 12 BCLR 1517 (CC).

161 Coetzee en Sapa 25 Augustus 2006 *Beeld* 13.

162 Coetzee en Sapa 25 Augustus 2006 *Beeld* 13.

163 Cronjé en Heaton *Familiereg* 234.

vrae en knelpunte uit die weg geruim deurdat die hof beslis het dat die tradisionele definisie van huwelik ongrondwetlik is omdat dit nie huwelike tussen persone van dieselfde geslag insluit nie en dat die huweliksformulier in die *Huwelikswet* soos vervat in artikel 30(1) van die wet ongrondwetlik bevind is omdat dit net verwys na 'n man wat 'n vrou as huwelikmaat neem.[164]

Die hof het beveel dat na die woord "man" en "vrou" daar ook die woord "gade" ingevoeg moet word om voorsiening te maak vir saamwoonverhoudinge tussen persone van dieselfde geslag en dat die woord "gade" binne twaalf maande na die Hof beslissing outomaties ingelees moet word by die *Huwelikswet* met of sonder verdere bemoeienis óf die Hof óf die Parlement.[165]

Verder het die Hof beveel dat albei hierdie bevele vir twaalf maande opgeskort moes word en dat die Parlement binne daardie twaalf maande die Wet moes herskryf om in te pas met die uitspraak wat huwelike tussen persone van dieselfde geslag erken.[166] Sou die Parlement versuim om binne twaalf maande na datum van uitspraak sodanige wetgewing deur te voer, sou die uitspraak van die Konstitusionele Hof steeds bly staan en sou die woord "gade" outomaties sonder verdere bemoeienis van óf die Hof óf die Parlement ingelees word.[167]

Die Suid-Afrikaanse familiereg bevind homself na die *Fourie*-beslissing in 'n mate van 'n "catch 22" situasie, in soverre die gemenereg se tradisionele definisie van die huwelik deur die Konstitusionele Hof uitgebrei is om ook partye van dieselfde geslag in te sluit, terwyl die voorgeskrewe huweliksformulier soos uiteengesit in artikel 30(1) van die *Huwelikswet*, nie hiervoor voorsiening maak nie.[168]

Die *Civil Union Act*, was op 23 Augustus 2006 deur die kabinet goedgekeur vir voorlegging aan die Parlement, welke voorlegging voor die Parlement

164 *Fourie*-saak par 524 D.
165 *Fourie*-saak par 584 B – H en par 585 A – F.
166 *Fourie*-saak par 586 D.
167 *Fourie*-saak par 584 B – H en par 585 A – F.
168 Smith en Grobler 2005 *TSAR* 766.

geskied het gedurende Oktober 2006.[169] Die *Huwelikswet* en die huweliksformulier is deur hierdie Wet geraak deurdat daar ook voorsiening gemaak word vir huwelike tussen persone van dieselfde geslag, asook erkenning van huweliksregte en bevoegdhede tussen saamwoonverhoudings tussen partye van dieselfde geslag, asook heteroseksuele persone.[170] Artikel 1 van die *Civil Union Act*[171] het die *Huwelikswet* uitgebrei om voorsiening te maak vir huwelike tussen persone van dieselfde geslag deur die invoeging van die woord "gade", asook wysiging van artikel 30 van die *Huwelikswet.*[172]

Die groot vraag is nou welke regsimplikasies die *Fourie*-beslissing en die *Civil Union Act* op verskeie wette sal hê en wat die praktiese gevolge daarvan sal wees.

## 6 Moontlike regsimplikasies van die *Civil Union Act*

### *6.1 Toestemming tot huwelik*

Minderjariges tussen die ouderdom van sewe en een en twintig jaar is beperk handelsbevoeg en kan nie sonder ouerlike toestemming 'n geldige regshandeling aangaan waardeur hulle verpligtinge opdoen nie.[173] Ook by huweliksluiting word ouerlike toestemming dus vereis.[174] 'n Persoon wat

169 Coetzee en Sapa 25 Aug 2006 *Beeld* 13

170 Coetzee en Sapa 25 Aug 2006 *Beeld* 13; Anon 2006 HYPERLINK http://www.pmg.org.za/docs/2006/ 060801draftbill.pdf. 13 Sep 2006; Anon 2006 HYPERLINK http://www.news24.-com/News24/-South Africa/Politics/0,,272 199-4429,00.html 13 Sep 2006; Anon 2006 HYPERLINK http://www.sabc-news.com/-Article/PrintWholeStory/0,2160-,133123,00.html 13 Sep 2006; Anon 2006 HYPERLINK http://365 gay.com/News-con-06/09/090706saf.html 13 Sep 2006.

171 Wat die volgende bepaal: a) 'n Siviele vennootskap/huwelik tussen volwasse persone van dieselfde geslag erken voor die Staat met al die wettige gevolge van 'n huwelik daarop van toepassing; en b) 'n Siviele Unie tussen volwasse persone wat nie 'n huwelik sluit nie van dieselfde of teenoorgestelde geslag met spesifieke regsgevolge wat op hul verhouding van toepassing sal wees.

172 Soos voorheen gewysig deur artikel 1 van die *Huwelikswet* 12 van 1973

173 A 24(1) van die *Huwelikswet* 25 van 1961 bepaal uitdruklik dat 'n huweliksbevestiger nie 'n minderjarige se huwelik mag voltrek nie.

174 A 24(1) van die *Huwelikswet* bepaal uitdruklik dat 'n huweliksbevestiger nie 'n minderjarige se huwelik mag voltrek nie, tensy die toestemming van die party of partye wat regtens van die aangaan van die huwelik vereis word, te leen en op skrif aan hom verstrek is. A 26(1) van die *Huwelikswet* bepaal dat 'n seun onder die ouderdom van agtien jaar en 'n meisie onder die ouderdom van vyftien jaar nie sonder skriftelike toestemming van die Minister van Binnelandse Sake mag trou nie. Die Minister mag alleen toestemming verleen as hy of sy die huwelik as wenslik beskou. A 26(1) bepaal voorts dat daar, benewens die Minister se toestemming ook aan al die ander regsvoorskrifte voldoen moet word. Dit beteken duidelik dat die ouers se toestemming ook verkry moet word en dat die

voor die ouderdom van een en twintig jaar 'n geldige huwelik sluit, word as gevolg daarvan vir alle doeleindes mondig.[175] As die huwelik voor hy of sy een en twintig jaar oud word deur egskeiding of die dood ontbind word, herleef sy of haar onmondigheid nie weer nie.[176] Met ander woorde, albei partye se minderjarigheid word deur die huweliksluiting beëindig.

In die geval van minderjariges wat sonder ouerlike toestemming in die huwelik tree, word die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik, as dit tersyde gestel word, of selfs as dit nie tersyde gestel word nie, word deur die *Wet op Huweliksgoedere* gereël.[177]

Indien daar geen toestemming verkry is in die gevalle waar toestemming benodig is nie, kan daar verskeie gevolge intree. Artikel 24A van die *Huwelikswet* bepaal dat 'n huwelik tussen persone van wie een of albei minderjarig is, nie nietig is slegs omdat die ouers of voogde van die minderjariges nie daartoe toegestem het nie. 'n Bevoegde hof moet hieroor besluit. Artikel 24 van die *Wet op Huweliksgoedere* reël die vermoënsregtelike gevolge van 'n huwelik waar daar geen toestemming van die voogde of ouers by minderjariges is nie en sub-artikel 1 van bogemelde wet bepaal dat die hof in so 'n geval die bevel kan gee met betrekking tot die verdeling van die gades wat die hof billik ag.[178]

Die vraag wat nou ontstaan, is wat die Hoër Hof se benadering sal wees

---

voorgeskrewe huweliksformaliteite nagekom moet word.

175 *Wet op die Meerderjarigheidsouderdom* 57 van 1972. Die voorgestelde *Kinderwet* wat tans deur die President onderteken is, maar nog nie in werking getree het nie, sal 'n groot impak hê onder andere deurdat die *Wet op Meerderjarigheidsouderdom* herroep sal word en dat dit die ouderdom van meerderjarigheid na agtien jaar sal verander.

176 *Meyer v The Master* 1935 SWA 3.

177 A 24(2) reël die posisie met betrekking tot die vermoëns van die partye indien die huwelik nie ontbind word nie. Dit blyk asof die Wetgewer slegs twee moontlikhede vir die minderjarige ooplaat, naamlik indien die partye nie 'n huweliksvoorwaardekontrak aangegaan het nie, sal die primêre huweliksgoederebedeling, naamlik gemeenskap van goed, intree. Indien die partye 'n huweliksvoorwaardekontrak aangegaan het en die aanwasbedeling ingesluit het, sal die huweliksvoorwaardekontrak geldig wees, selfs al het die minderjarige nie die nodige toestemming tot die aangaan van die kontrak gehad nie. Sien Cronjé en Heaton *Familiereg* 25-27.

178 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 148. Die hof het duidelik op grond van a 24(1) 'n baie wye diskresie en kan enige reëling oor die verdeling van die gades se bates beveel. A 24(1) bevat geen riglyne oor hoe hierdie diskresie uitgeoefen word nie. Die hof sal waarskynlik let op faktore soos die ouderdom van die partye, hulle finansiële omstandighede, hulle wense, of die meerderjarige gade misbruik gemaak het van die onervarendheid van die minderjarige gade en ten koste van hom of haar bevoordeel is. Sien Cronjé en Heaton *Familiereg* 25.

indien die ouers weier om toestemming te gee dat hulle minderjarige kind in die huwelik tree, waar die minderjarige kind in die huwelik wil tree met 'n persoon van dieselfde geslag.[179] Artikel 26(1) van die *Huwelikswet* bepaal dat 'n seun onder die ouderdom van agtien jaar en 'n meisie onder die ouderdom van vyftien jaar nie sonder skriftelike toestemming van die Minister van Binnelandse Sake mag trou nie. Die Minister mag alleen toestemming verleen as hy of sy die huwelik as wenslik beskou. Na die *Civil Union Act* is daar nog geen voorskrifte of Artikel 26(1) van die *Huwelikswet* nog van toepassing sal wees indien partye van dieselfde geslag trou nie, veral met die oog op die wetgewer se vermindering van die meerderheidsouderdom van een-en-twintig jaar na agtien jaar.

### *6.2 Verlowing*

Die verlowing is die wedersydse onderneming om met mekaar te trou. Indien daar op 'n datum vir die huwelik ooreengekom is, ontstaan die wedersydse verpligting om op daardie datum in die huwelik te tree.[180] Indien troubreuk[181] plaasvind, maak dit die ander party daarop geregtig om uit die verlowingskontrak terug te tree en skadevergoeding en/of genoegdoening te verhaal.[182] *Guggenheim v Rosenbaum*[183] bepaal dat alhoewel 'n verlowing nie 'n absolute vereiste is ten einde 'n geldige huwelik te sluit nie, dit wel aanvaar kan word dat partye van dieselfde geslag wel verloof aan mekaar sal raak alvorens hulle in die huwelik sal tree. 'n Verlowing word beëindig deur huweliksluiting, dood van een van die verloofdes, wedersydse ooreenkoms om die verlowing te beëindig, die terugtrekking van die ouerlike toestemming indien een van die partye 'n minderjarige is en eensydige en regmatige opsetting weens gegronde redes.

Die vraag is nou of daar wel 'n eis kan ontstaan indien partye van dieselfde

---

179 Smith en Grobler 2005 *TSAR* 748.

180 Hahlo *Law of Husband and Wife* 45; Cronjé en Heaton *Familiereg* 2.

181 Troubreuk is wanneer een van die verloofdes die verlowing verbreuk deur byvoorbeeld te weier om in die huwelik te tree, of dit sonder grondige rede opsê, of strydig met die verpligtinge vooruitspruitend die verlowing optree en die onskuldige party dan uit die verlowing terugtree.

182 Hahlo *Law of Husband and Wife* 52.

183 *Guggenheim v Rosenbaum* 1961 4 SA 21 (W); Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 134.

geslag verloof raak en daarna troubreuk pleeg. Die natuurlike gevolg van die *Fourie*-beslissing en die *Civil Union Act* behoort te wees dat partye van dieselfde geslag wel verloof sal raak en dat dieselfde spesifikasies dan ook hier van toepassing sal wees, veral ten opsigte van die teruggawe van die verlowingsgeskenke by die beëindiging van die verlowing. 'n Eis behoort ook ingestel te kan word teen die skuldige party ongeag of albei partye van dieselfde geslag is.

### *6.3 Seduksie*

Seduksie is die buite egtelike geslagsverkeer met 'n maagd (of 'n kuis vrou) wat daartoe toegestem het.[184] Ten einde te slaag in so 'n aksie, moet die vrou bewys dat sy voor die seduksie 'n maagd (of 'n kuis vrou) was, dat sy deur die man verlei is en dat geslagsverkeer daarop gevolg het.[185] Die aksie op grond van seduksie omvat twee afsonderlike eise. Eerstens is daar 'n eis om genoegdoening weens die deflorasie (ontmaagding) van die vrou en die gevolglike vermindering van haar kanse om 'n suksesvolle en goeie huwelik te sluit. Tweedens kan skadevergoeding op grond van seduksie verhaal word.[186] Hierdie aksie kan ingestel word hetsy die partye verloof was al dan nie.[187] Aangesien hierdie aksie op grond van seduksie slegs deur 'n vrou teen 'n man ingestel kan word, wil dit blyk of dit inbreuk maak op artikel 9 van die Grondwet en, omdat dit op grond van geslag diskrimineer, in terme van artikel 9(3), outomaties onbillik sal wees. Aan die ander kant word ook beweer dat die aksie onbillik teen vrouens diskrimineer aangesien dit seksuele stereotipes bestendig en van die veronderstelling uitgaan dat vrouens minder verantwoordelik vir hulle dade is. Daar is gevolglik aan die hand gedoen dat die aksie òf afgeskaf moet word, òf uitgebrei moet word om ook kuis mans te beskerm.[188] Die vraag wat nou ontstaan is wat die wetgewer en/of die Konstitusionele Hof se benadering sal wees of seduksie kan plaasvind tussen persone van dieselfde geslag en indien wel, wat die gevolge daarvan sal wees.

---

184 *Bull v Taylor* 1965 4 SA 29 (A) 34, 39; Cronjé en Heaton *Familiereg* 18-19.

185 *Davel v Swanepoel* 1954 1 SA 383 (A) 389; *Claasen v Van der Watt* 1969 3 SA 68 (T) 71.

186 *Davel v Swanepoel* 1951 1 SA 383 (A) 389; *Sager v Bezuidenhout* 1980 3 SA 2005 (O) 383.

187 Cronjé en Heaton *Familiereg* 16.

188 Cronjé en Heaton *Familiereg* 16.

## 6.4 *Geslagsveranderinge*

Die geldigheid van die huwelik van 'n persoon wat 'n geslagsverandering[189] ondergaan het, is reeds in twee Suid-Afrikaanse sake getoets.[190] Aanvanklik was die posisie dat die reg geweier het om gevolge aan geslagsveranderingsoperasies te heg.[191] Hierdie posisie is reggestel deur die *Wet op Verandering van Geslagsbeskrywing en Geslagstatus*[192] wat in 2004 in werking getree het.[193] Die *Fourie*-beslissing sal derhalwe nie hierop betrekking hê nie, aangesien bogemelde *Wet op Verandering van Geslagsbeskrywing en Geslagstatus* reeds die posisie hier bepaal. Indien 'n persoon 'n geslagverandering ondergaan het is sy of haar posisie nou dieselfde as alle ander hetroseksuele persone en het ook 'n keuse om met 'n persoon van dieselfde geslag te trou ingevolge die *Civil Union Act*.

## 6.5 *Onveranderlike gevolge van die siviele huwelik*

Wanneer persone trou, verander hulle status.[194] Die onveranderlike gevolge van die huwelik sluit in dat geeneen van die gades vir die duur van die huwelik met iemand anders mag trou nie,[195] nuwe huweliksbeletsels wat na die ontbinding van die huwelik voortduur, kom as gevolg van verwantskap tot stand,[196] 'n reg op intestate erfopvolging onstaan tussen die gades,[197] handelingsbevoegdheid van die gades word beperk indien hulle binne gemeenskap van goedere trou[198] en die partye kan ook moontlik as 'n algemene reël nie verplig wees om teen mekaar te getuig

---

189 De Wet *Erkenning van Transseksualisme* 11.

190 *W v W* 1967 2 SA 308 (W); *Simms v Simms* 1981 4 SA 186 (D).

191 Cronjé en Heaton *Familiereg* 32.

192 49 van 2003.

193 Ingevolge a 1(1) van hierdie wet mag enige persoon wat 'n geslagsverandering ondergaan het, by die Direkteur-generaal van Binnelandse Sake aansoek doen dat sy of haar geslagsbeskrywing in die geboorteregister verander word. Kragtens a 1(2) moet die aansoek vergesel word van 'n verslag deur die mediese praktisyn wat die operasie of behandeling uitgevoer het of deur 'n mediese praktisyn wat ondervinding het van sodanige operasie of behandeling. A 2(2) bepaal dat as 'n persoon se veranderde geslag in die geboorteregister aangedui is, hy of sy vir alle doeleindes as 'n lid van sy of haar nuwe geslag beskou word.

194 Cronjé en Heaton *Familiereg* 49.

195 Hahlo *Law of Husband and Wife* 127; Cronjé en Heaton *Familiereg* 49.

196 Cronjé en Heaton *Familiereg* 57; Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 164.

197 Aa 1(1)(a) en (c) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987; Cronjé en Heaton *Familiereg* 57; *Daniëls v Campbell* 2004 5 SA 331 (KH).

198 Cronjé en Heaton *Familiereg* 58.

nie.[199]

Die logiese gevolgtrekking is dat hierdie gevolge ook van toepassing sal wees op persone van dieselfde geslag wat in die huwelik tree.

## 6.6 *Onderhoud tussen gades in die algemeen*

Van die oomblik van huweliksluiting tot die beëindiging van die huwelik bestaan daar 'n wedersydse onderhoudsplig tussen gades indien die gade wat die onderhoud eis dit nodig het en die gade van wie dit geëis word, dit kan verskaf.[200]

Hierdie plig verval gewoonlik by 'n egskeiding of dood, maar dit kan voortgesit word in 'n eis teen die boedel ingevolge die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*[201] en ook in terme van die *Egskeidingswet*.[202] In *Robinson and Another v Volks NO*[203] is bepaal dat die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* ook uitgebrei moet word tussen persone wat 'n permanente saamleefverhouding van dieselfde geslag het. Ingevolge die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* het die langslewende gade in 'n huwelik wat na 1 Julie 1990 deur die dood ontbind word, 'n onderhoudseis in die boedel van sy of haar oorlede gade vir die voorsiening in sy of haar redelike onderhoudsbehoeftes tot by sy of haar dood of hertroue.[204] In *Robinson v Volks*[205] is artikel 1, van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades,* wat die woord "langslewende"

---

199 A 195 van die *Strafproseswet* 51 van 1977.

200 In *Langemaat v Minister of Safety and Security* 1998 2 SA 259 (T) is beslis dat die partye van dieselfde geslag wat reeds jare saamgewoon het, ook 'n onderhoudsplig teenoor mekaar het. In *Booyens v Minister of Home Affairs* 2001 4 SA 485 (KH) het die Konstitusionele Hof beslis dat die wetgewing wat verhoed dat gades hulle onderhoudsplig nakom, inbreuk maak op albei gades se regte om hulle waardigheid te laat beskerm. Die *Onderhoudswet* 99 van 1998 het by wyse van a 2(1) ook persone van dieselfde geslag ingesluit.

201 27 van 1990.

202 70 van 1979.

203 2002 All SA 61 (K);

204 A 2(1). Hierdie eis bestaan, ongeag die huweliksgoederebedeling wat in die huwelik gegeld het en ongeag of die langslewende gade van die oorlede gade erf al dan nie. Die eis ontstaan egter net vir sover die langslewende gade nie uit eie middele en verdienste daartoe in staat is om in sy/haar redelike onderhoudsbehoeftes te voorsien nie. Die langslewende gades se middele sluit in enige huweliksgoedere en enige erfenis uit die oorledene se boedel waarop hy/sy geregtig mag wees. Die langslewende gade se onderhoudseis moet ingevolge die *Boedelwet* bewys en afgehandel word.

205 *Robinson v Volks* 2004 1 All SA 61 (K).

definieer as "die langslewende gade in 'n huwelik beëindig deur die dood", ongrondwetlik verklaar vir sover dit nie permanente lewensmetgeselle insluit nie. Daar is beslis dat om 'n permanente lewensmetgesel 'n onderhoudseis teen die boedel van sy of haar oorledene lewensmetgesel te ontsê in omstandighede waar 'n gade wel sodanige eis sal hê, die gelykheidsklousule van die Grondwet skend en ook op die langslewende lewensmetgesel se reg op waardigheid inbreuk maak.[206] Troubreuk is wanneer een van die verloofdes die verlowing verbreuk deur byvoorbeeld te weier om in die huwelik te tree, of dit sonder grondige rede opsê, of strydig met die verpligtinge voortuitspruitend uit die verlowing optree en die "onskuldige" party dan uit die verlowing terugtree. Benewens terugtrede kan die onskuldige party ook skade vergoeding en of genoegdoening van die skuldige party verhaal. In die eerste plek is die troubreuk 'n gewone daad van kontrakbreuk op grond waarvan die benadeelde persoon vergoeding van sy vermoënskade kan verhaal. Daarbenewens kan dit ook gebeur dat die troubreuk gepaard gaan met 'n handeling wat byvoorbeeld die eer, waardigheid en reputasie van die onskuldige party aantas. Hierdeur word die persoonlikheidsregte van die onskuldige gekrenk en het hy/sy 'n eis vir genoegdoening.[207]

Volgens hierdie beslissing word 'n permanente lewensmetgesel ook geag 'n gade te wees. Aangesien 'n bevel wat 'n wet ongrondwetlik verklaar nie van krag is tensy dit deur die Konstitusionele Hof bekragtig word nie[208] en die Konstitusionele Hof die aangeleentheid nog nie aangehoor het nie, het die regsposisie van lewensmetgeselle egter nog nie verander nie.

Die *Fourie*-beslissing en die *Civil Union Act* sal egter 'n daadwerklike impak op bogemelde beslissing hê en sal tot gevolg hê dat permanente lewensmetgeselle van dieselfde geslag ook ingesluit sal moet word.

### *6.7 Domicilium*

Die man se domisilie speel ook 'n groot rol by die sluiting van die

206 A 9 bevat die gelykheidsklousule en a 10 die reg om waardigheid.
207 Barnard, Cronjé & Olivier *Persone- en Familiereg* 175.
208 Aa 167(5) en 172(2) van die Grondwet.

huwelik.[209] Artikel 1(1) van die *Wet op Domisilie*[210] bepaal dat elke persoon wat agtien jaar of ouer is asook elke persoon onder die ouderdom van agtien jaar wat regtens die status van meerderjarigheid het, 'n domisilie van keuse verkry, ongeag so 'n persoon se geslag of huwelikstaat, tensy sy nie oor die geestesvermoë beskik om 'n rasionele keuse te maak nie.

Die domisilie van 'n man tydens huweliksluiting bepaal die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik.[211] Hierdie beginsel geld onveranderlik sodat die man se daaropvolgende verandering van domisilie geen invloed daarop het nie.[212] Neem die voorbeeld van 'n man wat in Suid-Afrika gedomisilieerd is, in Duitsland studeer en daar met 'n Duitse vrou trou. Die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik sal deur die Suid-Afrikaanse reg bepaal word. Dit beteken dat die huwelik binne gemeenskap van goed gesluit sal wees, tensy die partye voor huweliksluiting 'n huweliksvoorwaardekontrak aangegaan het.[213] Dit sal derhalwe interessant wees om te sien wat die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik sal wees ten opsigte van domisilie waar partye van dieselfde geslag in die huwelik tree.[214]

### *6.8 Nietigverklaring van die huwelik*

'n Nietige huwelik is 'n huwelik wat, in die oë van die reg, eenvoudig nooit tot stand gekom nie. Die posisie is dus bloot soos dit sou gewees het indien die huwelik nie aangegaan is nie. Die gronde vir nietigheid van 'n huwelik is eerstens vir die nie-nakoming van die formele vereistes van 'n geldige huwelik en tweedens die nie-nakoming van die materiële vereistes van 'n geldige huwelik.[215] 'n Vernietigbare huwelik bly van krag en bring al

---

209 *Frankles Estate and Another v Master and Another* 1950 1 SA 220 (A) 223.
210 3 van 1992.
211 *Frankles Estate v The Master* 1950 1 SA 220 (A).
212 *Bell v Bell* 1991 4 SA 1995 (W).
213 *Eidelstein v Eidelstein* 1952 3 SA 1 (A).
214 Cronjé en Heaton *Familiereg* 38.
215 Cronjé & Heaton *Familiereg* 41. Nie-nakoming van die formele vereistes vir 'n geldige huwelik is die volgende: a) die partye het nie hulle identiteitsdokumente aan die huweliksbevestiger voorgelê nie, of nie die voorgeskrewe beëdigde verklaring verstrek nie; b) die huwelik is voltrek deur 'n persoon wat nie 'n bevoegde huweliksbevestiger is nie; c) die afwesigheid van getuies by huweliksluiting; d) 'n minderjarige dogter onder vyftien jaar of seun onder agtien jaar trou sonder skriftelike toestemming van die Minister van Binnelandse Sake. Nie-nakoming van die materiële vereistes van 'n geldige huwelik is a) een van die partye reeds met iemand anders getroud is; b) een van die partye nog nie die

die normale regsgevolge van 'n geldige huwelik mee totdat dit deur 'n hofbevel vernietig word. Gronde vir nietigverklaring van 'n huwelik is minderjarigheid, wesenlike dwaling, impotensie en steriliteit.[216]

Steriliteit moet onderskei word van impotensie. Impotensie is die onvermoë om aan die geslagsdaad deel te neem,[217] terwyl, wanneer 'n persoon in staat is om geslagsverkeer te hê, maar nie kinders kan voortplant nie en dus onvrugbaar is, is die persoon steriel.[218] In *Venter v Venter*[219] is beslis dat as een van die partye by huweliksluiting bedrieglik verswyg het dat hy of sy onvrugbaar is, die ander party bevoeg is om die huwelik tersyde te laat stel. Die vraag is nou waar persone van dieselfde geslag in die huwelik tree of so 'n huwelik wel met inaggenome van bogemelde bespreking vernietigbaar of nietig kan wees, veral weens die feit dat persone van dieselfde geslag in elk geval nie kinders van hulle eie kan hê nie. Indien surrogaat ouers oorweeg word kan dit egter moontlik 'n probleem skep indien een van die partye dan onvrugbaar of steriel is en dit bedrieglik verswyg is voor die huweliksluiting.

Wanneer die een gade bewys dat die ander gade reeds voor huweliksluiting impotent was en nog steeds is, en dat hy of sy self tydens die huweliksluiting van die impotensie onbewus was, is die huwelik vernietigbaar.[220] Die eiser kan nie slaag as hy of sy bewus was van die impotensie nie;[221] ook nie as hy of sy dit gekondoneer het nie of as die impotensie slegs tydelik van aard of waarskynlik geneesbaar is nie.[222] Die impotente gade het waarskynlik self ook die bevoegdheid om op grond van sy of haar eie impotensie om tersydestelling van die huwelik aansoek te doen, mits hy of sy ten tye van die huweliksluiting van die impotensie

---

puberteit leeftyd bereik het nie; c) een van die partye kranksinnig was tot die huweliksluiting; d) die partye binne die verbode grade van bloed- of aanverwantskap met mekaar getroud was.

216 Hahlo *Law of Husband and Wife* 103 108; Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 275; *Joshua v Joshua* 1961 1 SA 455 (GW); *Smith v Smith* 1961 3 SA 359 (SR); *D v D* 1964 3 SA 598 (OK).

217 *Venter v Venter* 1949 4 SA 123 (W); *Van Niekerk v Van Niekerk* 1959 4 SA 658 (GW).

218 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 216.

219 *Venter v Venter* 1949 4 SA 123 (W).

220 *D v D* 1964 3 SA 598 (OK).

221 *Smith v Smith* 1961 3 SA 359 (SR).

222 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 277. *Wells v Dean Willcocks* 1924 CPD 89.

onbewus was.[223] Die vraag ontstaan nou rondom wat die geval sal wees indien een of beide van die partye impotent voor of na die huwelik was en wat die gevolge daarvan sal wees, indien enige ten opsigte van 'n huwelik tussen persone van dieselfde geslag. Daar word nie enige probleme voorsien nie en die posisie presies dieselfde te wees soos in die geval waar persone van dieselfde geslag in die huwelik tree.

### *6.9 Familienaam*

Artikel 26(1) van die *Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes*[224] bepaal dat 'n vrou haar man se van aanneem, of na die aanname van sy van weer 'n van aanneem wat sy voorheen gehad het, of haar getroude van by enige van voeg wat sy voorheen gehad het (met ander woorde, sy mag 'n dubbeldoor- of koppelvan skep).[225] 'n Getroude vrou behoort ook haar man se van aan te neem wanneer sy met derdes kontrakteer sodat die derdes hulle op die hoogte kan stel van haar handelingsbevoegdheid, asook wie vir die prestasie aanspreeklik is.[226] 'n Man kan nie dieselfde keuse rakende sy van uitvoer nie.[227] As 'n man sy vrou se van wil aanneem of dit aan syne wil koppel, moet hy die Direkteur-Generaal van Binnelandse sake se toestemming verkry.[228] Dit word aangevoer dat hierdie onderskeid heelwaarskynlik ongrondwetlik is omdat dit op 'n onregverdige wyse inbreuk maak op die reg op gelykheid voor die reg, gelyke beskerming en voordeel van die reg en op onbillike diskriminasie teen getroude mans op grond van hulle geslag en geslagtelikheid.[229]

In die geval waar twee persone van dieselfde geslag met mekaar trou sal die een gade moontlik geregtig wees om die ander se van aan te neem of gebruik te maak van 'n dubbeldoor van.[230] Die groot vraag sal nou wees

---

223 *W v W* 1959 4 SA 183 (K).

224 51 van 1992.

225 Die meeste getroude vrouens aanvaar steeds hulle mans se vanne al rus daar geen verpligting op hulle om dit te doen nie. 'n Geskeide vrou en weduwee mag ook 'n van wat sy voorheen gehad het, weer aanneem.

226 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 180.

227 Volgens a 9(1) van die *Wet op Vreemdelinge* 96 van 1991 is dit 'n misdryf vir 'n persoon wat 'n bepaalde van gedra het, of onder 'n bepaalde van deurgegaan het, om homself 'n ander van toe te eien of homself by 'n ander van te noem of daaronder deur te gaan, behalwe met verlof van die Staatspresident.

228 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 180.

229 A 9 van die Grondwet.

230 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 180.

welke prosedure gevolg sal word om een party toe te laat om die ander party se van sondermeer aan te neem, alternatiewelik 'n dubbeldoor van aan te neem, sonder dat die proses soos daar gestel deur die Departement van Binnelandse Sake gevolg moet word.

### *6.10 Consortium omnis vitae*

Terwyl huweliksluiting beskou word as 'n handeling van die individu,[231] skep die huwelik 'n *consortium omnis vitae* wat beteken kameraadskap, liefde, gedeelde belange en emosionele en finansiële sekuriteit tussen die betrokke partye.[232] 'n Huwelik kan egter nie gekoppel word aan voortplanting[233] nie, want dit sal lei tot absurditeite, soos byvoorbeeld dat heteroseksuele pare wat nie kinders wil of kan hê nie, se huwelike ongeldig is as gevolg van hul keuse of om mediese redes.

Gades is nie geregtig om 'n hofbevel te verkry om dinge soos samesyn en kameraadskap af te dwing nie.[234] Die een gade kan ook nie 'n interdik verkry om die ander gade te verhoed om inbreuk te maak op die *consortium*, byvoorbeeld deur owerspel te pleeg nie.[235] Die benadeelde gade kan ook nie die oortredende gade deliktueel aanspreek op grond van die skending van die *consortium* nie.[236] Indien die inbreuk veroorsaak het dat die huwelik nie meer normaal is nie en daar geen redelike vooruitsig op die herstel van die normale huweliksverhouding bestaan nie, is egskeiding die enigste remedie waarop die partye hulle kan beroep.[237] Alhoewel die Grondwet nie die reg op gesinslewe uitdruklik beskerm nie, het die Konstitusionele Hof in die *Dawood*-beslissing[238] beslis dat die reg op

231 Noble 1997 *Responsa Meridiana* 96; Labuschagne 1996 *SAJHR* 540 "vandag behou die man en vrou juridies tot 'n groot mate na huweliksluiting afsonderlike individualiteite en persoonlikhede, sonder dat die samebindende aard van die huwelik misken word".

232 Cronjé en Heaton *Familiereg* 49; Singh 1999 *De Jure* 30-31 bepaal dat dit onder andere insluit gedeeltelike gevoelens van liefde, vertroue, kameraadskap, seksuele omgang, respek, emosionele en geestelike band, finansiële ondersteuning en fisiese versorging.

233 Wolhuter 1997 *SALJ* 390. Singh 1999 *De Jure* 30-31.

234 *Best v Samuel Fox* COLTD 1957 2 KB 639 665; *Grobler v Havenga* 1964 3 SA 522 (N) 525.

235 *Osman v Osman* 1983 2 SA 706 (D).

236 *Carrie v Carrie* 1942 NPD 362.

237 A 4(1) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.

238 *Dawood v Minister of Home Affairs; Shalabi v Minister of Home Affairs; Thomas v Minister of Home Affairs* 2000 8 BCLR 837 (KH) par 30, 31.

waardigheid die reg van individue insluit om intieme verhoudings aan te gaan en in stand te hou en dat die reg op waardigheid ook sulke verhoudings beskerm. Met die inwerkingtreding van die *Civil Union Act* is dit duidelik dat persone van dieselfde geslag hulle ook op die *consortium omnis vitae* sal kan beroep.

### *6.11 Wet op Onderhoud*

Die *Wet op Onderhoud* bepaal uitdruklik dat dit van toepassing is as daar 'n regsplig op 'n persoon rus om 'n ander te onderhou, ongeag die aard van die verhouding tussen daardie persone wat tot daardie plig aanleiding gegee het.[239] Die wet dek dus nie net die onderhoudsplig tussen die gades en tussen bloedverwante nie, maar is ook van toepassing op 'n kontraktuele onderhoudsplig wat tussen persone bestaan wat nie op grond van bloed of die huwelik aan mekaar verwant is nie. Gevolglik kan selfs persone wat buite-egtelik as lewensmetgeselle saamwoon en op 'n onderhoudsplig ooreengekom het die bepalings van die wet gebruik om hierdie onderhoudsplig af te dwing.[240]

Die *Civil Union Act* sal die gevolg hê dat bogemelde wet dan ook van toepassing op persone van dieselfde geslag waar persone van dieselfde geslag in die huwelik tree of 'n siviele unie aangaan en sal dit nie meer nodig wees vir hierdie persone om staat te maak op kontraktuele verpligting van onderhoud nie.[241]

### *6.12 Vermoënsregtelike gevolge van 'n regsgeldige huwelik*

Die huwelik het ingrypende gevolge betreffende die persone en vermoëns van die gades. Sommige gevolge ontstaan deur regsweë en kan nie deur die partye uitgesluit word nie en ander gevolge kan deur die partye in 'n huweliksvoorwaardekontrak gereël word. Hierdie gevolge staan bekend as die veranderbare gevolge van die huwelik. Die veranderbare gevolge het hoofsaaklik betrekking op die boedels van die gades en hulle beheer daaroor.[242] Ter wille van duidelikheid moet gemeenskaplike eiendomsreg,

239 A 2(1).
240 Cronjé en Heaton *Familiereg* 58, 233.
241 Cronjé en Heaton *Familiereg* 58, 69.
242 De Bruin en Snyman 1998 *SAMLJ* 371: " ... by die sluiting van 'n konkubinaat,

'n huweliksvoorwaardekontrak, onderhoudsplig, intestate vererwing, regte verleen aan die langslewende gade, pensioenbelang van 'n gade by ontbinding van die huwelik, egskeiding, beter omskryf word. Vir die duidelikheid rondom hierdie begrippe, is om die minder gunstige posisie te illustreer waarin partye verkeer wat in 'n saamwoonverhouding tussen partye van dieselfde geslag 'n verhouding het in vergelyking met partye wat hulle in 'n huwelik bevind.[243]

Met die inwerktreding van die *Wet op Huweliksgoedere*[244] op 1 November 1984 is daar hoofsaaklik drie huweliksgoedere stelsels in Suid-Afrika: Eerstens huwelik binne gemeenskap van goed, tweedens huwelike buite gemeenskap van goed met uitsluiting van sowel gemeenskap van wins en verlies en derdens huwelik buite gemeenskap van goed met insluiting van die aanwasbedeling. Die primêre huweliksgoederebedeling in Suid-Afrika was en is steeds 'n stelsel van algehele gemeenskap van goed. Wanneer twee persone trou, ontstaan daar 'n weerlegbare vermoede dat hulle binne gemeenskap van goed getroud is.[245] Partye wat in die huwelik wil tree moet besluit of hulle buite gemeenskap van goed wil trou voordat die huwelik voltrek word. 'n Huweliksvoorwaardekontrak moet voor die voorgenome huwelik gesluit word.

Een van die vermoënsregtelike gevolge van 'n huwelik binne gemeenskap van goedere is dat dit volle gemeenskap van goed meebring. Samesmelting van die man en vrou se afsonderlike boedels vind *ex lege* plaas by huweliksluiting en so ook oordrag van die eiendomsreg.[246] Die partye is dus tydens die duur van die huwelik gesamentlike eienaars in gelyke onverdeelde aandele van alle bates in die gemeenskaplike boedel. Die aard van die mede-eienaarskap, naamlik gebonde mede-eienaarskap,

---

aangesien daar stilswyend 'n vennootskap tussen die partye tot stand kom." Dus op 369 "die vennootskap *universorum bonorum* waar alle bates en toekomstige bates in 'n gemeenskaplike boedel geplaas word ...". Britz *Homoseksuele Verhoudings* 1. Anon 2006 HYPERLINK http://www.gaysouthafrica.org.za-/homosexuality-/benefits 13 Jul 2006; Silver 1996 *SAJHR* 575; Grant 1996 *SAJHR* 570; Wolhuter 1997 *SALJ* 392; Mosikatsana 1996 *SAJHR* 549, 556. Anon 2006 HYPERLINK http://www.gaysouthafrica.org.za/ homosexuality/benefits 13 Jul 2006.

243 Pienaar en Van der Walt *Inleiding tot die Sakereg* 56.

244 88 van 1984.

245 *Edelstein v Edelstein* 1952 3 SA 1 (A).

246 *Exparte Menzies* 1993 3 SA 299 K 807 D.

is die gevolg van 'n onderliggende regsverhouding tussen die gades wat die grondslag van die mede-eiendomsreg op die saak vorm en meebring dat die mede-eienaars tydens die bestaan van die regsverhouding nie die mede-eiendomsreg kan beëindig nie.[247]

'n Huweliksvoorwaardekontrak moet voor die voorgenome huwelik gesluit word.[248] Dit tree in werking op die oomblik van huweliksluiting. Die hoofdoel van 'n huweliksvoorwaardekontrak is om die huweliksgoederegstelsel van die gades tydens hul huwelik te bepaal deur die normale vermoënsregtelike gevolge van die huwelik geheel of gedeeltelik uit te sluit of te wysig.[249] 'n Huweliksvoorwaardekontrak kan met verskeie oogmerke gesluit word: om gemeenskap van goedere, gemeenskap van wins en verlies of die aanwasbedeling uit te sluit of te wysig, skenkings te maak, op 'n *pactum sussessorium*[250] ooreen te kom, en enige ander bepalings wat nie strydig is met die reg nie.[251]

Die huwelik skep 'n *consortium omnis vitae* tussen gades.[252] Hieruit vloei die wedersydse onderhoudsverpligting wat die gades teenoor mekaar het voort. Ook gades getroud buite gemeenskap van goedere moet mekaar onderhou, *pro rata* in verhouding tot hul afsonderlike vermoëns. [253] Gades se aanspreekliheid vir die skuld deur enige van hulle aangegaan ten opsigte van huishoudelike benodigdhede, is verbonde aan hierdie *consortium omnis vitae* en die onderhoudsplig. Dit bied die basis waarop die aanspreekliheid vir huishoudelike benodigdhede berus.[254] Hierdie aanspreeklikheid is een van die onveranderbare gevolge van

---

247 Pienaar en Van der Walt *Inleiding tot die Sakereg* 56.

248 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 220; *Ex-parte Hersch* 1946 TPD 548. n Huweliksvoorwaardekontrak is regstegnies nie 'n kontrak nie, omdat dit nie gesluit word om verbintenisse in die lewe te roep nie.

249 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 221; Cronjé & Heaton *Familiereg* 95.

250 Die gades benoem mekaar oor en weer as erfgename of legitarisse of een benoem die ander as erfgenaam of legitaris. So 'n klousule in 'n huweliksvoorwaardekontrak is 'n *pactum sussessorium* en nie 'n testamentêre beskikking nie. Dit beteken dat nie een van die partye dit eensydig kan herroep nie. Die gades mag wel die *pactum sussessorium* in 'n gesamentlike testament wysig. Selfs waar dit gedoen word mag die langslewende na die dood van die eersterwende kies om ingevolge òf gesamentlike testament òf die huweliksvoorwaardekontrak te erf. Sien *Union Government v Larkan* 1916 AD 212.

251 De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 5.

252 *Grobelaar v Havenga* 1964 3 SA 522 en 525 D-H.

253 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 225.

254 *Reloomal v Ramsay* 1930 TPD 371 374

huweliksluiting en is 'n uitsondering op die algemene reël by huwelike buite gemeenskap van goedere dat die gades nie vir mekaar se skulde aanspreeklik is nie.[255] 'n Hof wat 'n egskeidingsbevel verleen, kan in ooreenstemming met 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye 'n bevel gee met betrekking tot die verdeling van die bates van die partye of die betaling van onderhoud deur die een party aan die ander.[256]

In die *Wet op Intestate Erfreg*[257] word dit duidelik uiteengesit dat indien daar nie 'n geldige testament bestaan nie, die bevoordeeldes eerstens die gade of nakomelinge is, of albei. Indien daar nòg 'n gade, nòg nakomelinge is, sal die boedel na ander lede van die familie gaan.[258] Die vraag is nou of die *Civil Union Act* nie ook 'n invloed gaan hê op intestate erfreg nie en of hierdie posisie ook in die toekoms gaan verander nie. Hier word die lewensmaat van dieselfde geslag op die stadium effektief uitgesluit indien daar nie 'n testament is nie.

Die afsterwe van een of albei van die gades bring 'n einde aan hulle huweliksgoederebedeling.[259] Waar hulle binne gemeenskap van goedere getroud was, moet die eksekuteur in die gemeenskaplike boedel alle eise teen die boedel betaal en eise ten gunste van die boedel vorder ooreenkomstig die voorskrifte van die *Boedelwet*.[260] Na bereddering van die boedel, moet die eksekuteur die helfte van die netto balans[261] aan die langslewende gade oormaak terwyl die ander helfte op die erfgename van eerssterwende vererf.[262] In die geval van 'n huwelik buite gemeenskap van goedere met uitsluiting van die aanwasbedeling en dan word die huweliks-voorwaardekontrak van die gades nie deur die dood van een van hulle beëindig nie en moet uitstaande huweliksbevoordelings en *pacta successoria* steeds uitgevoer word. Slegs die boedel van die oorlede gade word deur die eksekuteur beredder.[263] In die geval van 'n huwelik buite

255 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 225.
256 Artikel 7 van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979.
257 81 van 1987.
258 Die *Wet op Intestate Erfreg* 81 van 1987.
259 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 225.
260 *Boedelwet* 66 van 1965.
261 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 182.
262 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 226; *Sayle v Kommisaris van Binnelandse Sake* 1945 AD 388.
263 Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg* 226.

gemeenskap van goedere met insluiting van die aanwasbedeling word die huweliksvoorwaardekontrak van die gade nie deur die dood van een van hulle beëindig nie en moet uitstaande huweliksbevoordelings en *pactum sussessorium* uitgevoer word. Die aanwasbedeling is 'n soort uitgestelde gemeenskap van wins en verlies. Dit het hoofsaaklik ontstaan om die ekonomiese ongelykheid, wat een van die nadelige uitvloeisels van die huwelik buite gemeenskap van goedere is, teen te werk.[264] Die grondgedagte is dat as een gade finansieel of andersins 'n bydrae lewer tot die vermeerdering van die ander gade se boedel, hy of sy geregtig behoort te wees om by ontbinding van die huwelik in dié gade se boedel te deel.[265] By ontbinding van die huwelik deur egskeiding of dood, kry die gade wie se boedel die kleinste aanwas toon, 'n vordering teen die ander gade of sy boedel vir 'n bedrag gelyk aan die helfte van die verskil tussen die aanwas van die gades se onderskeie boedels.[266] Gemeenregtelik was dit nie moontlik vir 'n gade om onderhoud uit die boedel van die eerssterwende te kry nie.[267] Artikel 2(1) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*[268] maak egter nou daarvoor voorsiening dat die langslewende gade wel in sekere omstandighede 'n vordering vir onderhoud teen die boedel van die eerssterwende het. Die doel van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* is om 'n geleentheid te gee om 'n onderhoudseis teen die boedel van die eerssterwende, aan die langslewende gade wat nie in staat is tot redelike selfonderhoud nie, in te stel.[269]

Tradisioneel is 'n toekomstige pensioen- of uittreding annuiteit nie by egskeiding in 'n gade se boedel (of in die gemeenskaplike boedel) ingesluit nie, aangesien die reg om die voordeel op te eis eers in die gade vestig wanneer hy of sy afgetree het of 'n sekere ouderdom bereik het. Daar is aangevoer dat voordat daardie tydstip aanbreek, daar geen reg of voordeel

264 Barnard, Cronjé en Olvier *Persone- en Familiereg* 229.
265 Barnard, Cronjé en Olvier *Persone- en Familiereg* 230; Cronjé en Heaton *Familiereg* 118.
266 A 3 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.
267 *Glazer NO v Glazer* 1963 4 SA 694 (A).
268 27 van 1990. A 2(1) bepaal die volgende: Indien 'n huwelik beëindig word deur die dood na die inwerktreding van hierdie artikel het die langslewende gade 'n eis teen die boedel van die oorlede gade vir die voorsiening van redelike onderhoud vir sover as wat die langslewende gade nie oor die middelle beskik om self onderhoudend te wees nie.
269 A 2(1) van die *Wet op Onderhoud vir Langslewendegades* 27 van 1990.

is wat in die persoon se boedel ingesluit kan word nie.[270] Ingevolge artikel 7(7)(a) van die *Wet op Egskeiding*[271] word 'n party se pensioenbelang nou egter by die egskeiding geag deel te wees van sy of haar bates. 'n Gade se pensioenbelang kan dus ter sprake kom in verband met die verdeling van die gade se bates en onderhoud.[272] Artikel 11 van die Tweede *Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede*[273] bepaal dat die Hof verder die bevoegdheid het om die Griffier van die Hof te gelas om die pensioen- of uittredingsfonds in kennis te stel dat 'n betrokke endossement aangebring moet word om te beveel dat enige deel van die pensioenbelang wat die gade van 'n lid van die fonds toekom direk aan daardie gade betaal moet word, sodra die voordele die lid toeval. Die administrateur van die fonds sal dan die Griffier binne een maand van 'n bewys moet voorsien dat die nodige endossement aangebring is.[274]

Die bepalings van die *Wet op Egskeiding* oor die verdeling van pensioenbelange is nie van toepassing op gades wat op of na 1 November 1984 getrou het ingevolge huweliksvoorwaardes wat gemeenskap van goed, gemeenskap van wins en verlies en die aanwasbedeling uitsluit nie.[275] Met ander woorde, die gade se pensioenbelang word nie in ag geneem as hulle op of na 1 November 1984 onderworpe aan algehele skeiding van goed getrou het nie.[276] Die partye kan verder uit eie oorweging voorsiening maak vir enige lid se aanspraak op 'n deel van 'n pensioenbelang in 'n verdelingsooreenkoms wat in 'n skikkingsakte vervat word. Die Hof kan hieraan gevolg gee en die ooreenkoms in die Egskeidingsbevel beliggaam.[277] Die partye mag enige bepalings in hulle skikkingsakte insluit solank dit net nie onmoontlik, onwettig of *contra bonos mores* is nie.

Die *Wet op Egskeiding* is van toepassing by ontbinding van die huwelik in geval van 'n egskeiding (by huwelike binne sowel as buite gemeenskap van

---

270 Cronjé en Heaton *Familiereg* 133.
271 70 van 1979.
272 *Sempapalele v Sempapalele* 2001 2 SA 306 (O); *Maharaj v Maharaj* 2002 2 SA 648 (D); Cronjé en Heaton *Familiereg* 134.
273 55 van 2003.
274 Cronjé en Heaton *Familiereg* 135.
275 A 7(7)(c).
276 Cronjé en Heaton *Familiereg* 135.
277 Britz *Homseksuele verhoudings* 16-22.

goedere).[278] Die *Wet op Egskeiding* reël alle aangeleenthede rakende die vermoënsregtelike en nie-vermoënsregtelike gevolge wat uit die huwelik voortgespruit het en die verdeling van die vermoënsregtelike en nie-vermoënsregtelike aangeleenthede.[279] 'n Onderhoudsbevel ingevolge artikel 7(2) van die *Wet op Egskeiding* kan deur die Hof gegee word met inagneming van die bestaande of verwagte vermoëns van elk van die partye, hulle onderskeie verdienvermoëns, finansiële behoeftes en verpligtinge, die lewenspyl van die partye voor die huwelik en ander faktore wat na die oordeel van die hof in aanmerking geneem behoort te word, 'n bevel gee wat die hof billik ag met betrekking tot die betaling van onderhoud deur die een party aan die ander vir enige tydperk.[280]

Hierdie regsgevolge gaan beslis nou na die *Fourie*-beslissing en ook die bekragtiging van die *Civil Union Act* 2006 van toepassing wees op huwelike en siviele vennootskappe tussen persone van dieselfde geslag.[281]

### *6.13 Civil Union Act*

Die Grondwet verbied diskriminasie op verskeie gronde.[282] Veral persone van dieselfde geslag het suksesvol beswaar gemaak by die Konstitusionele Hof teen bepalings van wetgewing en die gemene reg wat diskrimineer teenoor persone van dieselfde geslag wat in 'n seksuele verhouding, liefdesverhouding of verhouding wat gelykstaande is aan die tussen man en vrou gestaan het. Omdat die aansoeke na die Konstitusionele Hof suksesvol was, was dit nodig om onder andere deurmiddel van wetgewing voorsiening te maak vir "huwelike" tussen persone van dieselfe geslag.

Wetgewing was dus nodig om verskeie bestaande wette en die gemene reg aan te pas ten einde dit te bewerkstellig. In hierdie proses moes alle vorme van diskriminasie dan ook in die ban gedoen word.

---

278 Cronjé en Heaton *Familiereg* 123.
279 Cronjé en Heaton *Familiereg* 131.
280 Britz *Homoseksuele verhoudings* 16-22. A 7(2) bepaal die volgende: Dit verleen die bevoegdheid aan die Hof om 'n bevel te verleen wat dit billik ag met betrekking tot die betaling van onderhoud deur die een party aan die ander vir enige tydperk tot die dood of hertroue van die party ten gunste van wie die bevel verleen is. Cronjé en Heaton *Familiereg* 151; Britz *Homoseksuele verhoudings* 16-22.
281 Silver 1996 *SAJHR* 580.
282 Sien die volledige bespreking by vn 27, 28 en 29.

Die *Civil Union Act*[283] was inderhaas afgekondig en het op 30 November 2006 in werking getree. Met die doel of die oogmerk van die wetgewing kan daar nie fout gevind word nie, maar wel met die wyse waarop die wetgewer poog om uitvoering daaraan te gee. Daar is nie 'n Afrikaanse weergawe van die Wet nie en daarom moet daar deurgangs verwys word na die Engelse bepalings.

Die wetgewing is onderworpe aan verskeie kritiek. Dit verwys na 'n siviele unie[284] wat 'n vrywillige vereniging van twee persone wat beide agtien jaar of ouer is. Hier is die eerste vorm van diskriminasie want indien beoog word dat 'n siviele unie dieselfde gevolge moet hê as 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou, dan word daar gediskrimineer tussen manlike en vroulike persone wat graag met mekaar 'n huwelik aangaan want sodanige persone kan ingevolge die *Huwelikswet*[285] slegs 'n huwelik met die toestemming van hulle voogde aangaan indien hulle onder die ouderdom van een en twintig is;[286] Die tweede vorm van diskriminasie is dat indien 'n vrou 'n hetroseksuele huwelik aangaan en sy jonger as vyftien is sy beide haar ouers se toestemming benodig terwyl die *Civil Union Act* bepaal dat persone van dieselfde geslag 'n huwelik kan aangaan indien hulle bo die ouderdom van agtien jaar is sonder enige verwysing na ouerlike bystand. 'n Verdere verwarring wat ontstaan is of 'n siviele unie kan ontstaan by wyse van 'n huwelik of by wyse van 'n siviele vennootskap. Tans is daar ook geen definisie in die wet van 'n huwelik of 'n siviele vennootskap nie en dit lei tot verdere verwarring, naamlik of 'n huwelik en 'n siviele vennootskap dieselfde is. Die wet gee wel 'n definisie van 'n siviele unie maar dit word weereens gedefinieer met verwysing na 'n huwelik of 'n siviele vennootskap.

Artikel 2 van die *Civil Union Act* bepaal dat dit die oogmerke van die wet is om die aangaan en registrasie van siviele unies of deur 'n huwelik of 'n siviele venootskap te reguleer.

283 17 van 2006.

284 Daar word in die Civil Union Act verwys na Civil Union en is hierdie my eie vertaling.

285 25 van 1961.

286 Artikel 24 van die *Huwelikswet* 25 van 1961.

Daar is geen voorskrifte in die *Huwelikswet* dat wanneer 'n persoon wat voorheen getroud was en weer 'n nuwe huwelik wil aangaan, bewys moet lewer van die egskeiding of bewys van lewer van die afsterwe van 'n gade nie, maar artikel 8(4) van die *Civil Union Act* bepaal dat waar 'n persoon voorheen getroud was en nou 'n siviele unie wil aangaan, hy of sy 'n egskeidingsbevel of 'n sterftesertifikaat moet inhandig as bewys dat die vorige huwelik of siviele unie beëindig is. Dit kom weereens neer op diskriminasie. Ingevolge die Gemenereg sal 'n huwelik binne gemeenskap van goedere wees tensy 'n huweliksvoorwaardekontrak gesluit is. Omdat dit 'n kontrak is, geld die gewone beginsels van die kontraktereg ten opsigte daarvan. Dit beteken dus dat minderjariges (tans persone onder een en twintig) die toestemming van hulle voogde moet verkry om huweliksvoorwaardekontrakte aan te gaan. Persone tussen die ouderdom van agtien en een en twintig kan 'n siviele unie aangaan sonder toestemming van hulle voogde maar indien hulle 'n huweliks-voorwaardekontrak wil aangaan, het hulle toestemming van hulle voogde nodig. Dit gaan aanleiding tot 'n probleem gee. Die wetgewer is tans die besig om die meerderjarigheidsouderdom te verminder na agtien jaar en is die nuwe *Kinderwet* reeds onderteken, maar het dit nog nie in werking getree nie. Sodra hierdie *Kinderwet* soos reeds voorheen vermeld, in werking tree sal die meerderjarigheidsouderdom na agtien verlaag.

Artikel 13(1) van die *Civil Union Act* bepaal dat die regsgevolge van 'n huwelik soos bepaal in die *Huwelikswet* ook van toepassing is op siviele unies. Welke praktiese probleme dit mag hê sal eers in die toekoms bepaal kan word.

## 7 Vergelyking met die regsposisie tans in Nederland

Die mees progressiewe wetgewing rondom die huwelik tussen persone van dieselfde geslag, is dié van Nederland.[287] Die posisie in Nederland ten opsigte van huwelike tussen persone van dieselfde geslag het dramaties verander toe artikel 30 van boek een van die Burgerlijk Wetboek op 21 Desember 2000[288] gewysig is deurdat persone van dieselfde geslag ook

[287] Vlaardingerbroek *et al Hedendaagse Personen- en Familierecht* 84.
[288] *Act of the Opening up of Marriage* van 21 Desember 2000.

kan trou welke wetgewing ook op 1 April 2001 in werking getree het.[289] Sedert 2001 tot en met vandag het daar reeds verskeie huwelike in Nederland plaasgevind en is die regsimplikasie en praktiese gevolge reeds in Nederland vanaf hierdie datum beproef. As gevolg van bogemelde is dit derhalwe noodsaaklik om die posisie in Nederland en die regsimplikasie wat daar plaasgevind het as gevolg van die toepassing van die Wet met die moontlike regsimplikasies wat in Suid-Afrika kan ontstaan met die inwerkingtreding van die *Civil Union Act* te vergelyk.

Sedert 1997 tot en met 2001 het daar verskeie veranderinge rondom huwelike tussen persone van dieselfde geslag in Nederland plaasgevind. In Oktober 1997 het die Hollandse Parlements-komitee met 'n stemming van vyf teen drie aanbeveel dat persone van dieselfde geslag toegelaat word om te trou.[290] In Januarie 1998 tree 'n Nederlandse Vennootskapsooreenkoms (siviele unie) in werking wat dieselfde geslag pare dieselfde huweliksregte toelaat soos by huwelike tussen persone van verskillende geslag met uitsluiting van aanneming en kunsmatige bevrugting.[291] 'n Maand later word hierdie beperkings ook opgehef.[292]

Nieteenstaande hierdie toegewings het baie min persone van dieselfde geslag van hierdie geleentheid gebruik gemaak, aangesien die druk steeds op die "reg om te trou" was.[293] Volgens Merin was die Nederlandse Parlement in die begin huiwerig om huwelike tussen persone van dieselfde geslag te erken, omdat dit die gevolg sou hê dat Nederland die eerste land sou wees wat erkenning hieraan sou verleen en sou hierdie huwelike moontlik ook nie in ander lande erken word nie. Ongeag dat dit sedert 1 Maart 2001 goedgekeur is wil dit voorkom dat huwelike tussen persone van dieselfde geslag nie baie populêr in Nederland is nie.[294]

289 A 30 lees soos volg: "1. Een huwelijk kan worden aangegaan door twee personen van verschillend of van gelijk geslacht."

290 Die Suid-Afrikaanse Regshersieningskommissie (hierna SALRC) *Domestic Partnerships* Discussion Paper 104, Project 118 (2003). In die minderheid uitspraak gelewer deur Farlam JA in die *Fourie*-saak word verwys na die werk soos vervat in bovermelde verslag (par 110).

291 Vlaardingerbroek *et al Hedendaagse Personen- en Familierecht* 84.

292 Vlaardingerbroek *et al Hedendaagse Personen- en Familierecht* 84.

293 Merin *SALRC* 2002 123 – 129.

294 *The Sunday Business Post Online* http://archives.tcm.ie/businesspost/2004/04/-04/story727896729.asp word die volgende bepaal: "The Dutch government agency Statistics Netherlands reported in late 2002 that same-sex couples did not seem very interested in marriage. The agency estimated that fewer than one in

Sedert 1 April 2001 verwyder Nederland feitlik alle beperking, behalwe dat dieselfde geslagspare nie kinders uit die buiteland mag aanneem nie as gevolg van moontlike besware van ander lande.[295]

In Nederland is daar tans geen verskil tussen heteroseksuele huwelike en huwelike tussen persone van dieselfde geslag nie.[296] Partye kan ook binne gemeenskap van goedere of by wyse van 'n notariële ooreenkoms trou.[297] Persone van dieselfde geslag wat 'n saamwoonverhouding het, mag ook kinders aanneem en intestaat van mekaar erf. In die huwelik word daar geen onderskeid gemaak tussen die onderskeie gades nie.[298]

Indien persone van dieselfde geslag of persone van teenoorgestelde geslagte besluit om nie te trou nie, maak Nederland wel voorsiening vir geregistreerde vennootskapsooreenkomste.[299] Die saamwoonpartye is derhalwe in staat om 'n regsgeldige kontrak op te stel wat wel erkenning gee aan hulle siviele unie of saamwoonverhouding.[300] In Suid-Afrika maak die *Civil Union Act* nou voorsiening vir of 'n siviele vennootskap/huwelik tussen volwasse persone van dieselfde geslag erken voor die staat met al die wettige gevolge van 'n huwelik daarop van toepassing of 'n siviele unie tussen volwasse persone wat nie 'n huwelik sluit nie van dieselfde of teenoorgestelde geslag met spesifieke regsgevolge wat op hulle verhouding van toepassing sal wees.

In Nederland, het die verlowing het geen betekenis in Nederland nie, en die gronde vir egskeiding is onherstelbare verbrokkeling.[301] Daar word ook

---

ten of the country's 50 000 gay couples had opted to marry under the new law. Even in the Netherlands, same-sex marriage remains a minority pursuit. In 2002, there (sic) only 1 900 gay marriage, compared to 85 000 heterosexual ceremonies, a ratio of 45 to one".

295 Maxwell 2000 HYPERLINK http://law.kub.nl/ejcl/43/art43-1.html 12 Sep 2006; Van Der Burght 2000 *De Jure* 76; Vlaardingerbroek P HYPERLINK http://till.kub.nl.data/topic.inequal.html 12 Sep 2006; Waaldijk K 2006 HYPERLINK http://riljis.leidenuniv-.nl.user/cwaaldij/www/NHR/news.html 12 Sep 2006; Waaldijk K 2006 HYPERLINK http://ruljis.leidenuniv.nl/user/cwaaldij/www 12 Sep; Waaldijk K 2003 HYPERLINK http://athena.leidenuniv.nl.rechten-/meijers/index-php3?m=10&c=76&garb=0.6111-333404419461&sessio 12 Sep 2006.

296 Patterson 2001 *Chicago Journal of International Law* 301.

297 Church 2003 *Fundaminia* 44-55.

298 Vlaardingerbroek *et al Hedendaagse Personen- en Familierecht* 84.

299 Boele-Woelki 2000 *Louisiana Law Review* 1053.

300 Smith en Grobler 2005 *TSAR* 759.

301 Vlaardingerbroek *et al Hedendaagse Personen- en Familierecht* 84.

geen onderskeid gemaak wie die gesinshoof is nie, naamlik die man of die vrou. Die vraag in verband met wie se van aangeneem word is ook 'n onbekende figuur,[302] omdat dit die algemene tendens is dat die partye elk hulle eie vanne behou.[303] Daar word aanvaar dat beide partye ten volle handelingsbevoeg is. Ten opsigte van die domisilie kies beide partye gesamentlik wie se domisilie gevolg sal word vir doeleindes van die huwelik. Indien twee persone van dieselfde geslag 'n kind aanneem, word daar aanvaar dat die kind twee ouers het en word daar geen onderskeid gemaak tussen die gades nie.[304]

Algemeen gesproke is daar geen verskil tussen partye wat in die huwelik tree en/of partye wat 'n geregistreerde kontrak het nie, behalwe in die geval waar kinders uit die huwelik gebore is of aangeneem word.[305] By 'n heteroseksuele huwelik is beide partye outomaties die wettige ouers van die kinders uit hulle huwelik gebore, terwyl in die geval waar persone van dieselfde geslag getroud is of in die geval waar hulle slegs 'n geregistreerde kontrak het, dit nie outomaties die geval is nie.[306] Die nodige aannemingsprosedure moet gevolg word.[307]

In teenstelling met Suid-Afrika, waar die definisie van die huwelik deur die Konstitusionele Hof gewysig is, is dit in Nederland deur die wetgewende proses gewysig.

Die posisie rondom toestemming tot huwelik is dieselfde as in Suid-Afrika, ongeag wat die geslagte is, terwyl die begrip "seduksie" onbekend is in Nederland. Wat die onveranderlike gevolge van die siviele huwelik aanbetref, is daar tans geen verskil tussen heteroseksuele huwelike en huwelike tussen persone van dieselfde geslag in Nederland nie.[308] Die saamwoonpartye is derhalwe in staat om 'n geldige kontrak op te stel wat

---

302 Vlaardingerbroek *et al Hedendaagse Personen- en Familierecht* 84.

303 Sedert 1998 was 'n instelling bekend as 'n "geregistreerd partnerschap" beskikbaar vir mense wat nie in die huwelik kon tree of wou tree nie. Net soos 'n huwelik het die "geregistreerd partnerschap" regsgevolge vir die partye onderling en ook teenoor derdes. Net soos in die geval van 'n huwelik is daar sekere voorwaardes wat van toepassing is op 'n "geregistreerd partnerschap".

304 Vlaardingerbroek *et al Hedendaagse Personen- en Familierecht* 84

305 Smith en Grobler 2005 *TSAR* 759.

306 Vlaardingerbroek *et al Hedendaagse Personen- en Familierecht* 84.

307 Vlaardingerbroek *et al Hedendaagse Personen- en Familierecht* 84.

308 Vlaardingerbroek *et al Hedendaagse Personen- en Familierecht* 84.

wel erkenning gee aan 'n siviele unie of saamwoonverhouding. Algemeen gesproke is daar geen verskil tussen partye wat in die huwelik tree en/of partye wat 'n geregistreerde kontrak het nie, behalwe in die geval waar kinders uit die huwelik gebore is of aangeneem word. By onderhoud tussen die gades is die posisie tans in Nederland dieselfde as in Suid-Afrika.[309]

## 8 Samevatting en Aanbevelings

Die tradisionele begrip van 'n huwelik soos reeds vermeld, het 'n metamorfose ondergaan toe daar in die *Fourie*-beslissing ten gunste van twee vroue bevind is dat die gemeenregtelike definisie ten opsigte van die huwelik onkonstitusioneel is. 'n Huwelik was te alle tye 'n intieme band wat tussen twee persone van teenoorgestelde geslagte tot stand gekom het. Om nou te sê dat persone van dieselfde geslag met mekaar mag trou, is nie net erkenning van hulle fundamentele regte nie, maar ook 'n verandering van die definisie van wat 'n huwelik is.

In hierdie beslissing is beveel dat die woorde "man en vrou" in die *Huwelikswet* vervang moet word met "gade" om voorsiening te maak vir saamwoonverhoudings vir persone tussen dieselfde geslag as daar nie binne twaalf maande na 1 Desember 2005. Na aanleiding van die *Fourie*-saak is die *Civil Union Act*[310] op 14 November 2006 bekragtig deur die Parlement, welke wetgewing in werking getree het op 30 November 2006.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet is die eerste wet ter wêreld waarin diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie uitdruklik verbied word, en dit word gesien as die mees progressiewe Handves van menseregte ter wêreld. Die gewoonteregtelike definisie van die huwelik en die tradisionele beginsels van die huwelik, alhoewel die terme huwelik nêrens in ons wetgewing omskryf word nie, het sedert die Romeinse reg aansienlik verander. Die verandering het meestal deur hofbeslissing geskied met daaropvolgende veranderings in verskeie wetgewings. Ondanks alle bogemelde wysigings tot en met 1 Desember 2005 was daar geen poging aangewend om 'n huwelik en/of saamwoonverhouding tussen persone van

---

309 Vlaardingerbroek *et al Hedendaagse Personen- en Familierecht* 84.
310 17 van 2006.

dieselfde geslag te erken nie.

Die *Fourie*-beslissing, en veral die *Civil Union Act,* gaan verskeie moontlike regsimplikasies hê veral ten opsigte van toestemming tot die huwelik, verlowing, seduksie, geslagsverandering, onveranderlike gevolge van die siviele huwelik, onderhoud tussen gades in die algemeen, domisilie, nietigverklaring van die huwelik, die familienaam, *consortium omnis vitae*, die *Wet op Onderhoud* en die vermoënsregtelike gevolge van 'n regsgeldige huwelik.

Hoe hierdie aspekte van die huwelik beïnvloed gaan word deur die inwerkingtreding van die *Civil Union Act* is nog onseker en sal ons in die toekoms met die praktiese toepassing daarvan verdere duidelikheid daaroor kry. Daar sal definitiewe veranderinge moet plaasvind in verskeie wetgewings waarin die woord "gade" en/of "man en vrou" voorkom, asook die moontlikheid van gedaanteverwisseling van die huidige *Huwelikswet* en *Wet op Huweliksgoedere* en die moontlike regsimplikasies daarvan met die moontlike insluiting van die begrip "geregistreerde vennootskapsooreenkoms" tesame met huwelike.

Aangesien Nederland reeds sedert 1 April 2001 wetgewing aanvaar het waardeur persone van dieselfde geslag in die huwelik kan tree, is dit belangrik om die posisie in Nederland te vergelyk met die moontlike probleme wat ondervind kan word in Suid-Afrika. Daar sal gekyk moet word na huwelike binne gemeenskap of by wyse van Notariële ooreenkoms of geregistreerde vennootskapsooreenkoms, wie die gesinshoof sal wees, welke persoon se van aangeneem word en op welke wyse, die handelsbevoegdheid van partye, wie se domicilium van toepassing sal wees op die huweliksgoederebedeling, die implikasies ten opsigte van aanneming, die begrip seduksie, of die partye geregtig is op onderlinge onderhoud en die onderhoudsimplikasie na dood van partye.

Dit bly egter een van die fundamentele funksies van die familiereg om familielede te beskerm en die Hof se uitspraak asook die aanvaarding van die *Civil Union Act*, lewer 'n besliste bydra tot die vervulling hiervan.

## Bibliografie


### *Boeke*

***B***

Barnard, Cronjé en Olivier *Persone- en Familiereg*

Barnard AH, Cronjé DSP en Olivier PJJ *Die Suid-Afrikaanse Persone- en Familiereg* (Butterworths Durban 1986)

Barnard, Cronjé en Olivier *Persons and Family Law*

Barnard AH, Cronjé DSP & Olivier PJJ *The South African Law of Persons and Family* (Butterworths Durban 1990)

**C**

Cronjé en Heaton *Familiereg*

Cronjé DSP en Heaton J *Die Suid-Afrikaanse Familiereg* 2e uitg (Butterworths Durban 2004)

Cronjé en Heaton *Personereg*

Cronjé DSP en Heaton J *Die Suid-Afrikaanse Personereg* 2e uitg (Butterworths Durban 2003)

**G**

Gevisser – *Mandela's Step Children*

Gevisser M "Mandela's step children – Homosexual identification in post apartheid South African" in Different Rainbows – Peter Drucker (ED) 2002.

**H**

Hahlo *Law of Husband and Wife*

Hahlo HR *The South African Law of Husband and Wife* 3e uitg (Juta Wynberg 1969)

**K**

Kritzinger *et al Groot Woordeboek*

Kritzinger MSB *et al Groot Woordeboek Afrikaans-Engels, English-Afrikaans* 10e uitg (Van Schaik Pretoria 1969)

**R**

Robinson, Human en Boshoff *Familiereg*

Robinson JA, Human S en Boshoff A *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* (Printing Things Potchefstroom 2002)

**V**

Van der Walt en Pienaar *Sakereg*

Van der Walt AJ en Pienaar GJ *Inleiding tot die Sakereg* 4e uitg (Juta Kaapstad 2002)

Vlaardingerbroek *et al Personen- en Familierecht*

Vlaardingerbroek P *et al Het Hedendaagse Personen- en Familierecht* 4e uitg (Kluwer Deventer 2004)

### *Skripsies*

Britz *Homoseksuele verhoudings*

Britz L *Homoseksuele verhoudings en boedelbeplanning met verwy sing na die Grondwet* (Ongerapporteerde LLM-skripsie Noordwes-Universiteit Potchefstroom 2006)

De Wet *Erkenning van transseksualisme*
De Wet M *Erkenning van transseksualisme in die Suid-Afrikaanse reg* (LLB-skripsie Universiteit van Pretoria 2002)

***Joernale***

Cameron E "Constitutional protections of sexual orientation and African conceptions of humanity" 2001 *SALJ* 642-650

Church J "Same-sex unions – Different voices" 2003 *Fundaminia* 44-55

Grant B "Comments and cases on same-sex marriage: homosexual marriage and the Constitution" 1996 *SAJHR* 568-574

Havenga P "Same-sex unions, the bill of rights and medical aid schemes" 1998 *THRHR* 722-726

Heaton J "An overview of the current legal position regarding heterosexual life partnerships" 2005 *THRHR* 662-670

Hutchings S en Delport E "Cohabitation: a responsible approach" 1993 *De Rebus* 121-125

Jacobs J "The will that could haunt you" 2003 *De Rebus* 16-19

Labuschagne JMT "Eengeslaghuwelike: 'n Menseregtelike en regsrevolusionêre perspektief" 1996 *SAJHR* 533 548

Maxwell N "Opening Civil Marriage to Same-Gender Couples: A Netherlands-United States Comparison" November 2000 *Electronic Journal of Comparative Law* beskikbaar by http://www.ejcl.org/43/abs43-1.html 12 Sep 2006

Mosikatsana TL "The definitional exclusion of gays and lesbians from family status" 1996 *SAJHR* 549-567

Noble S "Same-sex marriage under the final Constitution" 1997 *Responsa Meridiana* 91-105

Olivier D "Civil Union Act" 2 Jan 2007 *Orde Nuus – Die Prokureursorde van die Noordelike Provinsies* 7

Schäfer L "Marriage and Marriage-like relationships: constructing a new hierarchy of life partnerships" 2005 *SALJ* 629

Silver B "Until deportation do us part: the extension of spousal recognition to same-sex partnerships" 1996 *SAJHR* 575-581

Singh D "The refusal to recognise same-sex marriages: A Pandora's box of inequalities" 1999 *De Jure* 29-43
Smith BS en Grobler NJ "Gay rights (and obligations!): Consequences and

implications of *Fourie v Minister of Home Affairs*" 2005 *TSAR* 745-766

Steyn E "From the closet to Constitution: The gay family rights odyssey" 1998 *TSAR* 97-117

Van Der Burght G "Registered partnerships in the Netherlands" 2000 *De Jure* 45-46

Van der Walt G "Gay rights and medical schemes" 1998 *Obiter* 193-199

Wildenboer H "The status of same-sex unions in South Africa" Oct 2000 *Codicillus* 54-62

Williams K "I do" or "We won't" legislation same-sex marriage in South Africa 2006 *TSAR* 1-27

Wolhuter L "Equality and the concept of difference: Same-sex marriages in the light of the final Constitution" 1997 *SALJ* 389-411

***Wetgewing***
***Suid-Afrika***

*Behuisingswet* 107 van 1997

*Bevolkingsregistrasiewet* 30 van 1950

*Boedelbelastingwet* 45 van 1955

*Boedelwet* 66 van 1965

*Egskeidingswette, Wysigingswet* 32 van 1935

*Civil Union Bill*, B26B 2006

*Civil Union Act*, 2006

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993

*Huwelikswet* 25 van 1961

*Inkomstebelastingwet* 58 van 1962

*Immigrasiewet* 13 van 2002

*Insolvensiewet* 24 van 1936

*Kinderwet* 38 van 2005

*Kinderwet* 70 van 2003

*Loterye Wet* 57 van 1997

*Maatskappyewet* 61 van 1973

*Onafhanklike Media Kommissie Wet* 148 van 1993

*Padverkeer Bestuurskorporasie Wet* 20 van 1999

*Promosie van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie Wet* 4 van 2000

*Registrasie van Aktes Wet* 47 van 1937

*Siviele Lugvaartbeheer Wet* 40 van 1998

*Spesiale Pensioene Wet* 69 van 1996

*Strafproseswet* 51 van 1997

*Werksgelykheidswet* 55 van 1998

*Wet op Basiese Diensvoorwaardes* 75 van 1997

*Wet op Beheer van Vreemdelinge* 96 van 1991

*Wet op Beheer van Trustgoed* 57 van 1988

*Wet op Domisilie* 3 van 1992

*Wet op die Besoldiging en Diensvoorwaardes van Regters* 47 van 2001

*Wet op die Besoldiging en Diensvoorwaardes van Regters* 88 van 1989

*Wet op die Onafhanklike Uitsaai Owerheid* 153 van 1993

*Wet op die Status van Kinders* 82 van 1987

*Wet op Egskeidings* 70 van 1979

*Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998

*Wet op Gesinsgeweld* 116 van 1998

*Wet op Gesinsgeweld* 4 van 2000

*Wet op Huurbehuising* 50 van 1999

*Wet op Huweliksaangeleenthede* 37 van 1953

*Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984

*Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987

*Wet op Kindersorg* 74 van 1983

*Wet op Mediese Skemas* 131 van 1998

*Wet op Onderhoud* 23 van 1963

*Wet op Onderhoud* 99 van 1998

*Wet op Onderhoud van die Langslewende Gades* 27 van 1990

*Wet op Onderlinge Hulpverenigings* 25 van 1956

*Wet op Pensioenfondse* 24 van 1956

*Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes* 51 van 1992

*Wet op Seksuele Misdrywe* 23 van 1957

*Wet op Status van Kinders* 82 van 1987

*Wet op Verandering van Geslagomskrywing en Geslagstatus* 49 van 2003

*Wet op Vergoeding van Beroepsbeserings en Siektes* 130 van 1993

*Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld* 133 van 1993

*Wet op Vreemdelinge Beheer* 96 van 1991

***Nederland***

*Act on the Opening up of Marriage* van 21 December 2000

*Ewige Edik* van 1940 (Nederland)

*Politieke Ordonnansie* van 1580 (Nederland)

***Vonnisregister***

*Bell v Bell* 1991 4 SA 1995 (W)

*Best v Samuel Fox Co Ltd* 1957 2 KB 639 665

*Booyens v Minister of Home Affairs* 2001 4 SA 485 (KH)

*Bull v Taylor* 1965 4 SA 29 (A)

*Carrie v Carrie* 1942 NPD 362

*Claasen v Van der Watt* 1969 3 SA 68 (T)

*D v D* 1964 3 SA 598 (OK)

*Daniëls v Campbell* 2004 5 SA 331 (KH)

*Daniëls v Campbell NO and Others* 2004 5 SA 311 (KH)

*Davel v Swanepoel* 1954 1 SA 383 (A)

*Dawood v Minister of Home Affairs; Shalabi v Minister of Home Affairs; Thomas v Minister of Home Affairs* 2000 3 SA 936 (KH)

*Director General v Department of Home Affairs* 2003 5 BCLR 463 (KH)

*Du Plessis v Road Accident Fund* 2004 1 SA 359 (HHA)

*Du Toit v Minister for Welfare and Population Development* 2003 2 SA 198 (KH)

*Eidelstein v Eidelstein* 1952 3 SA 1 (A)

*Ex parte Menzies* 1993 3 SA 299 (K)

*Ex parte Hersch* 1946 TPD 548

*Fourie v Minister of Home Affairs* 2003 5 SA 301 (KH)

*Fourie v Minister of Home Affairs and Another* 2005 3 SA 429 (SCA)

*Frankles Estate and Another v Master and Another* 1950 1 SA 220 (A)

HYPERLINK http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2006/02/10/B1/19/-02.html [Datum van gebruik 1 Sept 2006]

De Bruin P "Gay-maat "moet erf"" 27 April 2006 *Die Burger* 12 [Op Internet gevind] HYPERLINK http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2006-/04/27/db/5/agax001/html [Datum van gebruik 1 Sept 2006]

Jackson N "As gays trou, doen dit tog niks aan jou" 8 Februarie 2006 *Beeld* 17 [Op Internet gevind] HYPERLINK http://152.111.1.251/argief/berigte-/beeld/2006/02/08/B3/17/02.html [Datum van gebruik 5 Mei 2006]

Eybers J "Hul trou-stryd steeds nie verby" 3 Desember 2005 *Rapport* 1 [Op Internet gevind] HYPERLINK http://www.news24.com/Rapport/Nuus/0,,752-759/1844949/,00.html [Datum van gebruik 1 Sept 2006]

Jackson N "Fokus Gay-debat op Godsienings" 17 Augustus 2005 *Beeld* 1

Jackson N "Kerk besin oor huwelike, saambly" 9 Augustus 2001 *Beeld* 1 [Op Internet gevind] HYPERLINK http://www.news24.com/Beeld/nuus/0 [Datum van gebruik 4 Des 2005]

Jackson N "Prediker bly oor gays se gelyke regte" 3 Desember 2005 *Volksblad* 1 [Op Internet gevind] HYPERLINK http://www.news24.com/Volksblad/nuus/0,,5-83.1844703,00.html [Datum van gebruik 4 Des 2005]

***Suid-Afrikaanse Regskommissie***

South African Law Reform Commission *Discussion Paper 104* Project 118
South African Law Reform Commission *Discussion Paper 104 Domestic Partnerships* Project 118 (1 Des 2003 Pretoria) [Op Internet gevind] HYPERLINK http://www.jodj.gov.za/salrc/dpapers/dp104_prj118/dp104_prj_118_intro_2003.pdf [Datum van gebruik 28 Sep 2006]

South African Law Reform Commission *Discussion Paper 17* Project 118
South African Law Reform Commission *Domestic Partnerships Discussion Paper 17* Project 118 (1 Des 2003 Pretoria) [Op Internet gevind] HYPERLINK http://www.doj.gov/za/salrc/dpapers/dp104prj118/dp104_prj_118_intro_2003.pdf [Datum van gebruik 28 Sep 2006]

***Internet***

Anon 2006 "Gay-marriage bill hits new snag" [Op Internet gevind] HYPERLINK http://www.news24.com/News24/South_Africa/Politics/0,2712_1994429,00.html [Datum van gebruik 13 Sept 2006]

Anon 2006 Marriage Amendment Bill 2006 [Op Internet gevind] HYPERLINK http://www.pmg.org.za/docs/2006/060801draftbill.pdf [Datum van gebruik 13 Sept 2006]

Anon 2006 No constitutional amendment on same-sex marriages [Op Internet gevind] HYPERLINK http://www.sabcnews.com/Article-/PrintWhole-Story/0,2160,133123,00-.html [Datum van gebruik 13 Sept 2006]

Anon 2006 South Africa Gay Marriage Bill Falters [Op Internet gevind] HYPERLINK http://365gay.-com/Newscon06/09/090706saf.html [Datum van gebruik 13 Sept 2006]

Anon 2006 [Op Internet gevind] HYPERLINK http://colours.mahost.org/articles/shenker.html [Datum van gebruik 12 Sept 2006]

Anon 2006 [Op Internet gevind] HYPERLINK http://www.server.law.wits-.ac.za/salc/issue/issue.html [Datum van gebruik 12 Sept 2006]

Bailey 2002 Marriage and marriage-like relationships: personal relationships [Op Internet gevind] HYPERLINK http://www.lcc.gc.ca-/en/ themes/pr/cpra/bailey/bailey_main.asp [Datum van gebruik 1 Junie 2002]

Robinson 2005 Recognition of Same-sex Partnerships and marriages in South Africa [Op Internet gevind] HYPERLINK http://www.religious-tolerance.org/hom_mare.html [Datum van gebruik 30 Jan 2006]

Vlaardingerbroek P 2006 (In)equality in Netherlands Family Law, the Influence of Human Rights Conventions on Netherlands Family Law [Op Internet gevind] HYPERLINK http://till.kub.nl.data/topic-.inequal.html [Datum van gebruik 12 Sept 2006]

Waaldijk K 2006 And after nine Months ... Lesbian partners in the Netherlands get full responsibility for children [Op Internet gevind] HYPERLINK http://ruljis.leidenuniv.nl/user/cwaaldij/www [Datum van gebruik 12 Sept 2006]

Waaldijk K 2006 Latest news about same-sex marriage in the Netherlands (and what it Implies for Foreigners) [Op Internet gevind] HYPERLINK http:// riljis.leidenuniv.nl.user/cwaaldij/www/NHR-/news.html [Datum van gebruik 12 Sept 2006]

Waaldijk K 2006 Marriage Open for same-sex couples in Belgium [Op Internet gevind] HYPERLINK http://athena.leidenuniv.nl.rechten-/meijers/index.Php3m=10&c=76&garb=0.6111333404419461&-sessio [Datum van gebruik 12 Sept 2006]

***Ander***

Report by the Committee on Opening Up Civil marriage to Same-Gender Partners (Commissie inzake openstelling van het burgerlijk huwelijk voor personen van hetzelfde geslacht) appointed by the Netherlands Ministry of Justice 1998.